# *MENERE, ONS WIL JESUS GRAAG SIEN*

. . . vanaand, in Bloomington. Ek het uitgesien na hierdie koms vir die afgelope twee jaar. Ek het gelei gevoel om in hierdie deel van die streek in te kom, wat ek verstaan dat baie van die evangeliste nog nie hier was nie, sommige van die uitstaande evangeliste van die volk was nog nooit in hierdie streek nie. En ek het gedink dit sou 'n groot ding wees, soos ek die trek van die Heilige Gees gevoel het om te kom en hierdie broers te bedien hierdie agt aande hier, in die Naam van die Here, om te kom en om ons deel in te sit van die treknet, om in te trek vir siele. En dis hoekom ons hier is, is om te probeer om die Kerk van God te sien vermeerder in Sy krag, en in Sy lidmaatskap, en tot die eer van die Koninkryk van God.

2 En dan, bid ons vir die siekes, dis deel van die Evangelie soos ons Here Jesus vir ons gesê het dat ons in die hele wêreld moes ingaan en die Evangelie preek, en vir die siekes bid. En ons het hierdie aande saam in ons veldtogte wat ons vir die siekes bid. Ons maak nie nou aanspraak om 'n geneser te wees nie, ons maak net aanspraak dat ons vir die siekes bid, soos enigiemand anders doen.

3 Ons glo dat alles wat God vir julle kan doen, alreeds vir julle gekoop is op Gólgota. Toe Hy op Gólgota gesterf het, het Hy die plan van verlossing voltooi, verlossing vir die siel en liggaam. En nou trek ons die Onderpand van ons verlossing, wat die Heilige Gees is, en dan het ons ook die—die Onderpand van ons opstanding, dit is, dat wanneer ons liggame siek is, God ons Geneser is. Ek glo dat dit op 'n voltooide werk berus wat vir ons voltooi is op Gólgota, omtrent negentienhonderd jaar gelede, toe Christus vir ons gesterf het om ons van hierdie dinge te verlos.

4 Ek glo nie dat daar enigiemand is wat sondes kan vergewe, behalwe as dit 'n sonde teen hulle is nie. As jy teen my gesondig het, jy my dan vra om jou te vergewe, kon ek dit doen, en sou dit doen. Maar ek glo dat, die sondes wat jy teen God gedoen het, dat God die enigste Een is wat daardie sondes kan vergewe.

5 En ek glo dat Goddelike genesing gebaseer is op geloof, net soos verlossing, dat ons glo dat Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is, deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom het. Julle let op die apostel Petrus plaas dit in die verlede tyd: "Ons *is* genees." Dis 'n verlede tyd, net soos verlossing 'n verlede tyd is. Toe Jesus op Gólgota gesterf het, het Hy die hele wêreld gered. Elke mens, wat ooit op die aarde sou wees, die sondevraagstuk

was eens en vir altyd afgehandel toe Jesus gesterf het. Maar dit sal nooit, jy sal nooit ’n begunstigde van hierdie polis wees totdat jy dit aanvaar nie.

6 En daar’s niks wat jy kan doen om dit te verdien nie, dis ’n onverdiende ding wat God vir jou gedoen het. En jy aanvaar dit net deur geloof, in die eenvoud van geloof het God dit gemaak sodat ons dit almal kan bereik. Ryk of arm, ongeletterd of geleerd, ons kan dit almal aanvaar, want dis binne die bereik van ons almal, net deur kinderlike eenvoud om te glo dat “Die volbragte werk op Gólgota my ingesluit het.”

7 En dieselfde geld vir Goddelike genesing dat ons glo dat Goddelike genesing iets is wat Christus vir ons gekoop het op Gólgota, dis ’n voltooide produk van God, en die enigste ding wat ons doen, is om dit te ontvang deur geloof, dit te glo. Dis waarom ons dit noem: “genees deur geloof,” want dis wat dit is. Daarom kon dit nie in ’n indiwidu wees, enige persoon die *een-of-ander ding* het wat ’n ander persoon sou genees nie.

8 Om die waarheid te sê, daar’s niks wat jou kan genees behalwe God nie: “Ek’s die Here wat al jou krankhede genees.” Die Skrif is onfeilbaar en kan nie gebreek word nie. So, daarom maak medisyne nie aanspraak om te genees nie. Medisyne, ons is nie teen medisyne nie, medisyne is van die Here. Maar medisyne kan nie genees nie, medisyne kan—kan net die natuur bystaan in God se Goddelike plan van genesing. Daar was nooit ’n medisyne wat ooit enigiemand genees het nie, daar’s geen dokter wat dit vir jou sal sê nie.

9 Want, daar is ’n onderhoud met my gevoer by Mayo Broers ’n tyd gelede, oor die Reader’s Digest wat daardie artikel geskryf het van *Die Wonderwerk van Donny Morton*. En tydens die onderhoud, het hulle gesê: “Ons sê nie dat ons genesers is nie, Mnr. Branham, ons sê net dat ons die natuur help. Daar is een Geneser, dit is God.”

10 Byvoorbeeld, as ek my arm gebreek het, en ek het na die dokter toe gegaan, en gesê: “Groot geneser, genees my arm, ek moet aangaan met my werk.”

11 Wel, hy sou sê: “Jy het verstandelike genesing nodig.” Dis reg, as ek so ’n stelling soos daardie sou maak. Nou, hy kan dit spalk, met sy wetenskaplike beroep kan hy die arm spalk, maar hy kan nie die arm genees nie, want genesing is ’n vermeerdering van selle, en dit kan slegs deur lewe en God gedoen word; God is lewe.

12 En as ek my hand sny, en ek het dood neergeval, mag hulle medisyne op my gesnyde hand sit, hulle kon my inspuitings penisillien gee, en, vir jare na jare, en dit sou nooit genees nie. As hulle my liggaam kon balsem om my natuurlik te laat lyk vir vyftig jaar, sou ek sê: dit sou nie genees nie, want daar’s geen

genesingseienskap in medisyne nie, medisyne maak net die kiem dood en hou dit skoon terwyl God genees. Sien?

13 Nou, medisyne is gemaak. . .Ek het dikwels gesê dat 'n medisyne wat 'n sny in my hand sou genees, een in my jas sou genees. En iemand sou sê: "Wel, nou wag 'n bietjie, medisyne was nie vir jou jas nie, dit was vir jou liggaam."

14 Wel dan, waarom genees dit dan nie, nadat lewe daar uitgegaan het nie? Waarom genees dit dan nie, as dit vir die liggaam is nie? Sien? Dit sou net soveel genesing *daar* doen, as wat dit *hier* sou doen, as dit vir die liggaam was, sou dit die liggaam genees.

15 Maar jy sê: "Wel, daardie lewe moet daar wees." Dis reg, so dan is lewe God, en God is die Geneser. Sien? So dis alles reguit terug na, God is die Geneser.

16 Die Skrifte weerspreek nie Hulleself nie. En daar's geen Skrif in die Bybel wat Ditself weerspreek nie; ek het daarvoor gevra vir jare en jare. Geen Skrif, geen stelling wat homself kan weerspreek nie, waar dit nie vergelyk kan word met die res van die Woord van God om dit te laat ooreenstem nie. Waarvoor Jesus God gedank het, dat dit verberg was vir die oë van die wyse en verstandiges, en geopenbaar sou word aan kindertjies wat sou leer. Sien? Nou, ons moet nederig wees hierin, ons moet ons idees daaroor weggooi, ons moet God se plan daarvan aanvaar, dis die enigste manier wat jy ooit in staat sal wees om êrens te kom met God vir verlossing vir siel of liggaam, dit sal deur God se voorsiende plan moet kom.

17 Nou, as jy 'n artesiese put aan *hierdie* kant van die berg het, wat water spuit met die miljoene gelling per uur, en 'n oes aan die ander kant wat gesmag het na water, nou, jy kan staan en skree totdat jy jou mangels uitgehaal het, en sou. . .en skree, "O, groot water, kom hiernatoe en maak my oes nat," dit sal dit nie doen nie, nee, meneer, dit sal net daar bly, maar as jy sal werk volgens die wette van swaartekrag, en hierdie water om die berg laat kom en jou oes laat natmaak, sal dit dit doen, as jy volgens die wette sal werk.

18 Nou, daar's genoeg elektrisiteit in hierdie kamer om die kamer te verlig, as dit korrek was, en sou wees soos buite in 'n groot veld waar dit donker is. En ons weet dat Franklin, ensovoorts, bewys het dat, wetenskap, dat elektrisiteit in die lug is. Nou, neem 'n koperdraad, en hou dit regop, laat dit val, en julle. . .die statiese, die elektrisiteit sal optel, totdat dit amper die aarde sou verlig, as dit 'n myl hoog in die lug was, sou dit die aarde aan die brand steek.

19 Nou, jy kan buite in daardie veld staan en skree so hard as wat jy wil: "Ek's verlore, ek's verlore! Groot elektrisiteit, kom nou en verlig die pad, dat ek kan sien hoe om in te kom uit hierdie duisternis," dit sal dit nooit doen nie. Maar as jy sal werk volgens

die wette van elektrisiteit, wel, sal dit die pad verlig, sodat jy kan uitkom. Maar jy moet volgens daardie wette werk.

20 Nou, God het ook 'n wet. En daar's genesing en verlossing in God se voorsiening vir jou, as jy sal werk volgens Sy planne, en Sy wette daarvan. So dis hoe ons die diens moet beplan, dis hoe... Sewe keer om die wêreld, was ek by alle verskillende rasse, soorte mense by die tiene van duisende, ek het groot dinge gesien wat ons Here gedoen het, maar ek let altyd op dat dit mense verg wat hulself sal verneder, en hulle eie gedagtes daarvan laat vaar, en net God se idee daarvan aanvaar, en werk volgens Sy plan, wat geloof is in wat Hy gesê het.

21 Nou, ons glo dat God die Almagtige God is. Hier in 'n Christenkollege, en op hierdie gronde, en by Christenmense, is ek seker ons kan almal hartlik sê: "Amen," daarop, dat God God is, Hy is dieselfde God, as Hy nie is nie, was Hy nooit God nie. As Hy...En daardie God is oneindig. Hy is oneindig, alomteenwoordig, alwetend, almagtig; Hy is God. As daardie eienskappe nie in Hom is nie, is Hy nie God nie. En Hy's die groot Ewige Een. Hy het nooit begin nie, Hy sal nooit eindig nie.

22 En net, enigiets wat 'n begin het, het 'n einde, dis net daardie dinge wat nie begin het nie, wat geen einde het nie, wat Ewig is. Ewigheid het nie 'n begin of einde nie. En die enigste manier wat ons Ewige Lewe kan hê, is om deel van Hom in ons te ontvang, en dit maak ons seuns en dogters met God se Lewe in ons. Dan het ons Ewige Lewe, omdat ons seuns en dogters van God is, daarom is ons Ewig by God, wanneer ons Ewige Lewe ontvang. Daar's net een manier om dit te doen, dis gebore te wees uit die Heilige Gees. Die enigste manier wat ons Ewige Lewe kan hê, is om gebore te word uit Sy Gees.

23 Nou, dan as God, wat oneindig is, en Hy het...dan is Hy volmaak, Hy kan... en as God ooit op die toneel geroep word om 'n besluit oor iets te maak, as die manier wat Hy Sy eerste besluit neem, moet dit nou nie vergeet nie, soos die dienste voortgaan, die manier wat Hy Sy eerste besluit neem, Sy volgende besluit moet dieselfde ding wees, en elke besluit wat Hy ooit daarna maak, moet dieselfde wees. As Hy dit wel verander, dan het Hy verkeerd gedoen toe Hy Sy eerste besluit geneem het.

24 Sien, ons is eindig, ons, ek kan sê, iets, ek moet dit terugtrek, want ek is 'n man. Die slimstes van ons moet dit jaar na jaar terugtrek.

25 Driehonderd jaar gelede, het 'n Franse wetenskaplike bewys dat deur 'n bal oor die aardbol te rol, en gesê as—as die... 'n—'n persoon ooit sou, in staat sou wees om die verskriklike krag van dertig myl per uur te behaal, swaartekrag bewys het dat hy die aarde sou verlaat.

26 Nou, ek sê julle, wetenskap sal nie terugkyk en sê wat hulle gesê het nie, want hulle gaan nou omtrent tweeduisend myl per

uur, en op die. . .wat op die grond bly teen omtrent vier of vyfhonderd myl per uur. Sien? So hulle sou nie terugkyk na wat hulle gesê het nie. Maar tog, was dit 'n wetenskaplike bewys dat hulle, op een of ander manier, hulle 'n bal omgerol het, en teen daardie spoed, hulle het gesê teen dertig myl per uur sou dit hom van die aarde af oplig. Nou, ek sou . . . Dis belaglik vandag. So ons vind uit, dat hierin, ons moet. . .Daardie kêrels was eindig, dit was die beste wat hulle geweet het hoe, ek sou nie daardie man daarvoor veroordeel nie, dit was die heel beste wat hy geweet het hoe. Maar julle sien, hy moet nou hulle idees verander, want dit was nie reg van die begin af nie, maar dit kan nie God wees nie.

27 As God enigiets sê, is Hy oneindig, en is dit "volmaak." As God ooit op die toneel geroep is om 'n man te red wat uitroep vir sy verlore siel, en God het hom gered op 'n sekere feitlike grondslag, 'n feitlike verklaring, dan as daardie selfde feite deur die volgende man nagekom word, en deur elke mens wat God nader, moet Hy dieselfde stelsel gebruik. En Hy sal moet, as daar aan daardie kwalifikasies voldoen word, dan sal God op dieselfde manier moet optree, as Hy nie sal nie, het Hy verkeerd opgetree toe Hy die eerste mens gered het.

28 En as 'n man genees word op grond van sy geloof, man, siek man wat God aangeroep het, en hierdie siek man, toe hy God aangeroep het, het God hom genees op grond van sy geloof, as 'n ander man God aanroep, daardie selfde geloof gebruik, moet God op dieselfde manier optree. Sien? So ek probeer julle laat sien.

29 Daar's soveel in die lande vandag wat onder die naam en die beskerming van Goddelike genesing is wat nooit op die veld behoort te wees nie. Dis een of ander soort sensasie, en—en jy kan mislei word deur sensasies, maar die Woord is Wat staan, God se Ewige Woord. God is niks meer as Sy Woord nie, of niemand anders is niks meer as hulle woord nie, so dis terug na die Woord.

30 Nou, ek bedoel nie om te sê dat God nie dinge doen wat Hy nie in Sy Woord geskryf het nie. Hy kon enigiets doen wat Hy ook al wil, dis God. Maar as ek net sal. . .Daar is baie *Hier* geskryf vir my, as ek net *hierdie* kan laat gebeur, dat, die beloftes wat Hy gegee het, dan weet ek, dit kan ondersteun word deur die Woord van God, so dis God, dis al.

31 Nou, ons sal dit onthou soos ons aangaan. Onthou God is oneindig, Hy kan nie verander nie, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; Hy moet by Sy Woord bly. As God. . .As *Hierdie* nie die Woord van God is nie, dan is die Katolieke kerk heeltemal reg, dis die kerk in plaas van die Woord. Maar as *Hierdie* die Woord is, in die Boek van Openbaring, 22ste hoofstuk, het God gesê: "Wie ook al 'n Woord Hieruit sal wegneem, of enigiets Daarby sal voeg, sal sy deel uit die Boek van die Lewe weggeneem word." So *Hierdie* is die Waarheid.

32 Nou, ek mag nie geloof hê om dit alles te laat gebeur nie, soos Henog wat soveel in God geglo het, dat toe hy 'n middagwandeling saam met Hom geneem het, en net moeg geword het om op die aarde te bly, en huis toe geloop saam met Hom, ek mag nie daardie soort geloof hê nie, maar ek sal nooit in iemand anders se pad staan, wat daardie soort geloof het nie, ek sal—ek sal God dank vir iemand wat 'n middagwandeling kan neem, en nie hoef te sterf, en reguit kan opgaan saam met Hom. Ek sou—ek wens dat ek daardie geloof gehad het, hoop om dit aan die einde van die pad te hê, of, voor daardie tyd, as ek kan.

33 So wat ons het, ons is hier om saam te trek, nie iets nuuts nie, maar dieselfde Evangelie wat die heeltyd aan julle gepreek is, net hier om my net in te steek saam met hierdie broers hier, en saam te trek, as 'n groep mense om die Koninkryk van God se ontwil, om nuwe lewe aan die Kerk te gee, om my bediening saam met hierdie manne se bediening te plaas. Ons is nie verdeeld nie, ons is broers. En ons is nie hier om iets by te voeg, of iets weg te neem nie, ons is hier om te verheerlik wat alreeds gepreek is, en wat ons glo, as kinders van die lewende God.

34 Jesus het gesê: "Die Koninkryk is soos 'n man wat na die see toe gegaan het, en 'n net ingegooi het, toe hy uitgebring het, het hy allerhande soorte gehad." Dis wat die Evangelienet vang, dit vang die, allerhande soorte: waterskilpaaie, paddas, slange, akkedisse, en alles. Die Evangelienet sal dit doen. Dis nie my besigheid om te sê watter is watter of niemand anders nie, dis God wat die besluit neem. Dis God.

35 Maar ek net. . .Iemand wat op 'n hoek staan, visvang, sy net ingooi en trek, iemand anders wat verbykom en hom help, dis net wat ek hier by Bloomington gedoen het, is om te kom, omdat ek gelei gevoel het deur die Heilige Gees om te kom, en om my net by my broers te sit, en dit uit te gooi oor hierdie streek hier, en te trek vir die Koninkryk van God, saam met hulle, om al die siele in te bring wat ons kan.

36 Nou, Goddelike genesing is 'n bysaak. Jy kan nooit 'n bysaak 'n hoofsaak maak nie, enigiemand weet dit, sien, jy kan dit nie doen nie. Maar tog, soos Dr. F. F. Bosworth, een van my bestuurders, in die buiteland was saam met my, en net onlangs Huis toe gegaan na die Hiernamaals, vier-en-tagtig jaar oud, hy was. . .hy het gesê: "Broer Branham, Goddelike genesing is soos die aas wat jy aan 'n hoek sit om 'n vis te vang. Jy wys nooit vir die vis die hoek nie, jy wys hom die aas, hy gryp die aas en kry die hoek." So dis hoe dit dit doen.

37 Goddelike genesing en kragte van God om die siekes te genees, trek die aandag van die mense, en wanneer dit gebeur, dan kan jy die Evangelie laat gaan om hulle in die net te vang en die siel te genees, wat miljoene maal meer is as die genesing van die liggaam. Dit is reg. Die Here seën julle is my gebed.

38 Nou, *Hierdie* is die Goddelike Woord, en ek glo Dit plegtig van buiteblad tot buiteblad. En ek rus my siel op enige fase van hierdie salige ou Bybel. Ek het Dit nou gepreek vir een-en-dertig jaar, om, om die wêreld, en ek het Dit nog nooit sien faal nie. En ek. . . Dit sal nie faal nie. Solank dit God is, en ons die geloof het om te ondersteun wat Hy gesê het, dan sal God doen wat Hy gesê het Hy sou doen.

39 Jesus het gesê dat die Woord van God soos 'n Saad is wat 'n saaier gesaai het. En enige saad wat in goeie, vrugbare grond sal val, sal van sy soort voortbring. En as, ek net, deur die hulp van die Heilige Gees, die Saad in julle hart kan saai, in die ongelowige se hart, in die louwarme se hart, in die siekes se hart, daardie Saad sal laat Lewe, as Dit in die regte soort grond en die regte toestande is, sal Dit lewe.

40 Onlangs het ek gesien waar hulle afgegaan het in Egipte, hulle het sonneblom gekry, 'n saad wat daarin was vir amper, ek vergeet hoeveel duisend jaar dit was, van die koring wat in die skuur was, wat Josef ver terug vyf-en-twintighonderd jaar gelede of meer daarin gesit het, dit in die grond geplant en dit het 'n koring-oes gelewer, want dit het ontkiem, daardie kiem lê daarin.

41 En enige mense wat die Saad van God in hulle hart sal inneem, onder die regte toestand sal Dit net presies voortbring wat Dit sê. Ek het gesien hoe sarkoomkankers genees is Daardeur, en ek weet dat Dit waar is.

42 Nou, eers, moet dit in die regte soort grond kom, en daardie grond is nie teologie nie, daardie grond is geloof. As ons net ons teologie opsy sit vir 'n oomblik, want daar's verskillendes van ons, en laat ons net dink aan die geloof waarvan ons gaan praat.

43 Nou, het julle ooit geplant 'n. . . 'n sypaadjie gegiet in die wintertyd? Waar kom jou meeste gras op? Aan die kant, die rand van die sypaadjie. Hoekom is dit? Daardie saad wat van daardie gras afgeval het onder daardie paadjie, dis bedek met beton, maar die s-o-n is die lewegewer van alle botaniese lewe, dit moet kom wanneer die son in die sekere toestande is, lentetyd sal die warmte van die son daardie lewe voortbring. En jy kan dit nie wegsteek nie, daardie gras mag begrawe wees in die middel van daardie sypaadjie, maar laat die warm son net reg kom, dit sal maak. . . jy kan nie daardie lewe wegsteek nie, dit sal regdeur kom en sy kop reguit opsteek tot die eer van God, en, omdat die son, s-o-n, skyn.

44 Eendag, sal die S-e-u-n kom, die Seun van God, alle lewe, maak nie saak waar dit is nie, dis 'n wedergebore lewe, wat bevrug is met die Woord van God, dit sal opkom, ek gee nie om of dit begrawe is in die as, in die bodem van die see nie, dit sal opkom in die gelykenis van die Skepper, en sal vir ewig lewe, dis

God se Woord. Laat ons nou ons hoofde buig, terwyl ons met die Outeur Daarvan praat, vir ’n paar oomblikke.

45 Mees Genadige en Heilige God, Wat Jesus uit die dood teruggebring het, ons dank U uit die diepte van ons hart vir hierdie groot daad, en hierdie groot versekering dat Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is, en ter wille van ons ongeregtighede verbrysel is, die straf wat vir ons die vrede aanbring, op Hom was, en deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom het, en dat ons weet dat ons gereinig is deur die was van die water deur die Woord, nou het ons Ewige Lewe deur die genade van God, hierdie Skat wat ons in hierdie erdekruike hou, nie daarin geplaas deur die mens nie, maar deur die krag van die opstanding van God.

En ons hoor die digter soos hy geskryf het:

> In die lewe, het Hy my liefgehad; in die dood, het Hy my gered;
> In die begrafnis, het Hy my sondes ver weggedra;
> In die opstanding, het Hy vir ewig vrylik geregverdig:
> Eendag, kom Hy—o, glorieryke dag!

46 Ons wag en smag saam met die natuur, Here, na daardie groot Dag wat binnekort sal kom. En ons bid, Vader, dat U ons harte sal deursoek vanaand, en as daar enige sonde is, wat ongeloof is (Maak nie saak hoe godsdienstig ons is nie, as ons steeds God se Woord nie glo nie, is ons sondaars: “Want hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel.” Want ons weet op daardie Dag sal die verborgenhede van alle harte geopenbaar word.), daardie groot Ondersoeklig van God sal ons harte ondersoek vanaand en kyk of daar enige onrein ding in ons is, enige ongeloof in God of Sy Woord, reinig ons dan, Here, van dit alles, dat ons weereens, hier in Illinois, ’n groot verreikende herlewing kan sien.

47 Here, ons bid dat dit net hier in Bloomington sal begin, streekswyd en landswyd sal gaan. Skenk hier onder hierdie mense wat vanaand vergader is, in al hierdie samewerkende kerke, dat die krag van God so gemanifesteer sal word in hulle midde, totdat hulle sal sien en weer nuwe moed sal kry.

48 Gee vir hierdie kollege, Here, wat ons hierdie ouditorium laat kry het, dat daar ’n herlewing hierbuite sal wees, soos by Wheaton, en onder by Asbury, en baie van die ander plekke, dit ’n dag-en-nag biduur sal wees, Here, dat mense van die ooste na die weste sal kom. God, gee hulle ’n outydse, John Wesley herlewing, ’n brandende ywer van hierdie jong mans se harte, wat die kollege hier sou verlaat, dat hulle mag uitgaan soos nog ’n Asbury, en skenk dit, Vader. Gee ons van U genade. Ons wy ons lewens toe aan U, en die dienste aan U, en alles wat ons het,

beide verstandelik en fisies. Praat met ons, Vader, bid ons, in Jesus' Naam. Amen.

49 In die Woord vanaand, wat ek glo dat geen diens. . . Hierdie is net 'n klein bymekaarkom aandjie, sodat ons soort van mekaar kan leer ken. Ek besef dat ek vreemd is vir baie van julle, maar ek wil nie hê julle moet so voel, dat. . . Ek is julle broer, en ek is hier om julle te probeer help, en julle wat my help om Christus beter te ken.

50 En oorkant in 'n bekende teks, en diegene wat die veldtog gevolg het, ek het gedink, net, ek sou vir hierdie paar oomblikke praat oor hierdie onderwerp, wat 'n basiese agtergrond kan gee van wat ons probeer kry by die mense. Johannes 12:20, en in Hebreërs 13:8, en, ook, kan ons verwys na die Boek van Handelinge die 3de hoo-. . ., of, 3de vers, 1:3.

> *En daar was sekere Grieke onder hulle wat opgekom het na* die fees om te aanbid:
>
> *Hy het toe na Filippus gekom, wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê:* Menere, *ons wil Jesus graag sien.*

51 En in Hebreërs 13:8, sê:

> *Jesus Christus is dieselfde gister, . . . vandag, en tot in ewigheid.*

52 Handelinge 3, of, 1:3:

> Jesus *het Homself vertoon in baie onfeilbare bewyse, . . . (Baie onfeilbare tekens wat Hy die mense gewys het dat Hy opgestaan het uit die dood.)*

53 Nou, ons wil graag hierdie vraag aan julle vra, vanaand, en ek wil hê julle moet baie goed oplet, want die toekomstige dienste sal gebaseer wees op iets van hierdie aard. Het ek gelees uit die Woord van God, of is Dit net nog 'n boek? Dis God se Woord, dan glo ek Dit met my hele hart.

54 Nou, as Dit God se Woord is, word daar 'n vraag hier gevra, en dit is gevra deur 'n Griek, of Grieke, liewer, kan ek sê. Hulle het opgekom na die fees van die Pinksterfees, en hulle wou Jesus sien, en hulle het na Filippus toe gegaan, wat van Betsáida in Galiléa was, en hierdie woorde gesê: "Menere, ons wil Jesus graag sien." En ons besef dat Filippus, die dienskneg van Christus, dit bewerk het sodat hulle hulle versoek gekry het. Hulle het Hom gesien, omdat hulle mense met honger harte was, wat begeer het om Jesus te sien.

55 En ek glo nie dat daar enigiemand is wat ooit, op enige tyd, ooit van Jesus gehoor of gelees het, wat nie sou begeer het om Hom te sien nie. Ek is seker dit sou die begeerte van elke hart van Christendom wees, om die Here Jesus te sien. Dis waarom ons arbei, en waarom ons alles opsy sit om te probeer lewe sodat ons in staat sal wees om Hom eendag te sien. Maar ek wonder, as

die Skrifte duidelik sê dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, waarom kan ons Hom dan nie vandag sien nie?

56 Nou, ons het net soveel reg om te vra om Hom te sien as wat daardie Grieke gevra het om Hom te sien. Hulle het gesê: "Menere, ons wil Jesus graag sien." En deur 'n dienskneg van Christus te vra, was hierdie dienskneg in staat om Jesus vir hulle te wys. Hulle het nooit gevra om Sy werke te sien, of om Sy wysheid te hoor nie, hulle het net gevra om Jesus te sien. En hulle is daardie voorreg gegee deur 'n dienskneg van Christus.

57 Nou, ons is net 'n paar dae verby die viering van die opstanding. En vir baie van wat ons vandag Christene noem, is dit so ver as wat dit ooit gaan, is om op Pase te erken dat dit 'n herdenkingsdag van 'n historiese gebeurtenis is, maar dis meer as dit. Dit was net die dag wat dit begin het, nou gaan dit aan en aan en aan, dit eindig nooit nie, Hy lewe vir ewig.

58 En soos Lukas, wat die Handelinge van die apostels geskryf het, of, die handelinge van die Heilige Gees in die apostels, vyf-en-sestig jaar na die gebeurtenis, gesê dat Hy Homself getoon het deur onfeilbare bewyse, deur tekens, onfeilbare tekens, dat Hy dieselfde Jesus was wat op die aarde gewandel het, Hy Homself lewendig gewys het deur onfeilbare tekens, dat Hy die lewende, herrese Here Jesus was.

59 Nou, negentienhonderd jaar het verbygegaan sedertdien, of meer, maar dit beteken nie een klein kolletjie teenoor die Ewigheid nie. As ons tienmiljoen jaar hier was sou dit steeds nie wees. . .net soos dit was, soos die ou gesegde is, "Waar was die man toe hy van die brug afgespring het?" Sien, jy kon dit nie uitwerk nie. Iemand het gesê: "In die water." Hy het nog nie gespring nie. Gesê: "Op die brug." Wel, hy—hy—hy's steeds op die brug, hy het nie gespring nie. So hy. . .Julle sien, jy kan nie. . . Daar's geen begin of einde daaraan nie.

60 Nou, dieselfde is met Christus, as Hy opgestaan het uit die dood, die onfeilbare Christus, dan is Hy net dieselfde vandag wat Hy ooit was, of die Skrif word verkeerd bewys.

61 Nou, dan wonder ek vanaand, hoeveel in hierdie sigbare gehoor wil graag hulle hande opsteek en sê: "Ek sou graag vir Jesus wou sien. Menere, ons wil Jesus graag sien"?

62 Wel nou, laat ons sien, as *Hierdie* die Woord van God is, glo ons Dit. Nou, as ons sou verlang om Jesus te sien, net omtrent twee Grieke het gekom en wou Hom sien en hulle begeerte is vervul, so daar's ten minste tweehonderd, of drie, hierbinne vanaand, en meer is hier wat Jesus wil sien, so as Hy gewillig was om Homself te wys vir daardie onbesnede Grieke, omdat hulle Hom graag wou sien, hoeveel te meer behoort Hy Homself te wys vir Sy kinders wat gered en gebore is uit die Gees van die lewende God? Waarom sou Hy nie meer gewillig wees om Homself lewendig vir ons te wys vanaand, soos Hy het vir die

veertig, en die verskillendes, soos Hy hulle in die kringe ontmoet het nie? Dis 'n vraag, maar dis 'n belofte.

63 En dan as Hebreërs 13:8 gesê het Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, dan moet Hy dieselfde in beginsel wees, dieselfde in krag, dieselfde in elke opsig wat Hy gister was, of Hy is nie dieselfde nie.

Iemand sê: "Hy's dieselfde op 'n sekere manier."

Nee, Hy's dieselfde, sê die Skrif. Dis dieselfde Jesus wat was, wat vandag is, en tot in ewigheid sal wees.

64 Nou, as ek hierdie gehoor mense sou fynkam, en sê: "Die Baptiste, die Metodiste, die Pinksters, die—die verskillende soorte, leer julle dit in julle kerk?"

"Ja, sekerlik, ons leer dit."

65 Wel, dis wat julle behoort te doen, dis reg, want dis die onfeilbare Woord van God. Maar het julle God ooit probeer vra om dit te manifesteer, om dit vir jou werklik te maak, nie net as 'n historiese Christus nie, maar 'n herrese Christus?

66 Nou, baie mense aanvaar Christus as hulle—as hulle Verlosser, omdat hulle bang is vir die hel, ander is—is bang om sonder Hom te sterf, maar het jy Hom aanvaar as jou Here, Wat in jou diepste binneste kan staan, en die deure van jou geloof kan oopmaak, en—en jouself net in Sy hande kan oorgee? Ek is seker as jy dit doen, sal Hy elke belofte *Hierin* beklemtoon met 'n: "Amen," want dis Sy Eie Gees wat die Bybel geskryf het, wat hier is om Dit te laat sê: "Amen," want Hy's die Outeur van hierdie Bybel. En dan, as jy Hom net sal glo en jou hart oopmaak, en ons sal Hom nou vra, of Hy sal kom en Homself aan ons bekend maak, soos Hy het.

Wel nou, ek mag sê: "Kan. . .? Vind jy Hom in jou Baptiste geloofsbelydenisse?"

"Ja."

"Metodiste geloofsbelydenisse?"

"Ja."

"Pinkstergeloofsbelydenisse?"

"Ja."

67 Dis reg, jy vind dit mag daarin geskryf wees. Maar laat ons dit vra, soos Dit gesê het dat Hy vandag dieselfde is as wat Hy gister was, dan laat ons. . .

68 As ek na julle Baptiste geloofsbelydenis gegaan het, of Metodiste geloofsbelydenis, of Pinkstergeloofsbelydenis om daarvoor te vra, sou julle sê: "Wel, dis *so-en-so*." En een sou sê: "Nee, dis *so*." En 'n ander sou sê: "Nee, ons geloofsbelydenis lees dit *so*. Ons is *so* geleer." Daar sou verskillende idees daaroor wees. Maar die enigste manier om dit regverdig so te maak, is om terug te gaan en uit te vind wat Hy gister was, en wat Hy

gister gedoen het, hoe Hy gister opgetree het, en dan te kyk of Hy sal kom en daardie selfde ding vandag sal wees.

69 Nou, almal glo en weet dat die vleeslike liggaam van die Here Jesus sit aan die regterhand van God Almagtig, by die Troon van God, wat voorspraak maak volgens ons belydenis. Glo julle dit almal? En die Heilige Gees is hier, wat op Hom was, wat God in Christus was, nou is hierdie God in Sy Kerk. God was eenmaal in 'n Vuurkolom, die Logos wat uit God uitgegaan het, dit was die Engel van die verbond wat saam met die kinders van Israel deur die woestyn gegaan het, toe is Hy gemanifesteer, dieselfde God in 'n vlees, wat Sy Seun was, wat Hy 'n maagd oorskadu het, 'n Bloedsel geskep, en in daardie liggaam van vlees gelewe het, die Seun van God.

70 Nou, toe, toe daardie Seun van God, Sy lewe en Sy liggaam gegee het as 'n offer, en God Sy liggaam opgerig het op die derde dag, en dit aan Sy regterhand Omhoog geplaas het, toe het die Heilige Gees teruggekom, en op die Dag van Pinkster, het die Bybel gesê: "Daar was Vuurtonge," soos tonge, soos 'n leksel vuur: "wat op elkeen van hulle gesit het," dit was God, dieselfde Heilige Gees wat in die woestyn was by die kinders van Israel.

Julle sê: "Dit was nie Jesus nie"?

71 Dit was. Na Sy dood, begrafnis, en opstanding, was Saul op sy pad af na Damaskus, en 'n groot Lig het hom getref. Jesus op aarde, het gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe." En na Sy dood, begrafnis, en opstanding, en Sy hemelvaart, is Saul, op sy pad af na Damaskus, neergefel op die grond. En hy het opgekyk en daar was 'n Lig wat hom verblind en uitgeroep het: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek's Jesus," het teruggekeer na daardie selfde Vuurkolom wat die kinders van Israel in die woestyn gelei het.

72 Johannes die 6de hoofstuk, het hulle verskillende idees en dinge met Hom bespreek, en gesê: "Jy het gesê jy is so oud soos Abraham," en gesê: "jy het gesê jy het Abraham gesien, en jy is 'n man wat nie ouer as vyftig jaar is nie, nou weet ons jy's mal en het 'n duiwel."

73 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Voor daar was, was Hy, want Hy was die *EK IS* wat in die brandende bos was. Die Vuurkolom wat die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, was dieselfde God wat gemanifesteer is in Jesus Christus, gesterf het, opgevaar het na Bo, en die Heilige Gees teruggestuur het. En in Johannes 14—Johannes 14:7, gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen, groter as dit sal hy doen, want Ek gaan na My Vader."

74 Johannes die—die 5de hoofstuk en die 19de vers van die 5de hoofstuk, het Hy gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die

Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Hy het gedoen soos God Hom gewys het, so Hy het gesê: "Ek sê vir julle, Ek kan niks doen nie." Hy het nie aanspraak gemaak om 'n Goddelike Geneser te wees nie, Hy het gesê Hy het net gedoen soos Hy deur 'n visioen gesien het wat God Hom gesê het om te doen, en die Kerk belowe om dieselfde ding te doen.

75 "Nog, net 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien," kyk nou, *wêreld*: "kosmos," wat *wêreldorde* beteken: "sal My nie meer sien nie," ongelowiges, "sal My nie meer sien nie, tog, sal julle My sien," *julle*, die gelowiges, "want Ek," Ek is 'n persoonlike voornaamwoord: "sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

76 Nou, as Hy dieselfde is, dan behoort Sy krag, Sy herrese Lewe in die Kerk te lewe, dieselfde bediening voort te bring wat Hy hier op aarde gehad het, want Hy het dit belowe. Nou, almal kan dit nie ontvang nie, ons besef dat, mense gebore is vir die verderf, die Skrif sê so: maar: "Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die Kerk sê." Sien?

77 Nou, laat ons vind wat Hy gedoen het, en dan sal ons uitvind wat Hy nou sal doen; vind uit wat Hy was, vind uit wat Hy nou is, en kyk of ons in staat is om Jesus Christus in Sy opstanding te ontdek.

78 Nou, ons vind uit dat toe Hy verwek is uit die maagd en gebore is, en—en toe op die ouderdom van dertig Hy gedoop is deur Johannes die Doper by die Jordaanrivier, en toe onmiddellik in die woestyn ingelei is om deur die duiwel versoek te word, en veertig dae daar was, en uitgekom en Sy aardse bediening begin het.

79 Laat ons nou teruggaan na die 1ste hoofstuk van Johannes, soos ons is, begin het met die Boek van Johannes. En soos die week aanstap, sal ons dit voortdurend neem en dit inskakel van Génesis tot Openbaring op so 'n manier is daar geen kritikus by sy volle verstand, of hoegenaamd op enige manier, dit kan betwis nie. Dis God.

80 God is in Sy Woord. Glo julle dit? "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon," Johannes 1. En in Hebreërs die 4de hoofstuk, het dit gesê dat: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding van die been, selfs 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart," die Woord, wanneer Dit vlees word in ons.

81 Nou, ons vind uit Jesus, onmiddellik nadat Hy Sy aardse bediening begin het, het Hy die siekes begin genees. Nou, luister goed, daardie mense het gesoek na 'n Messias, die Jode het.

82 Daar's net drie klasse, of, drie rasse mense op aarde, dis Gam, Sem, en Jafet se mense, die drie seuns van Noag, as ons die—die Woord van God glo. Waaruit hulle almal gekom het, want die sondvloed-vernietiging het almal van hulle vernietig behalwe daardie, die hele wêreld is vernietig. En uit daardie drie seuns het gekom, al die rasse van die aarde, en dit, as julle oplet, dit was Jood, Heiden, en Samaritaan.

83 Daar is vir Petrus gegee, in Matthéüs die 15de hoofstuk, die sleutels van die Koninkryk. Op die Dag van Pinkster, het hy dit oopgemaak vir die Jode. Filippus het afgegaan en vir die Samaritane gepreek en hulle gedoop, tog het die Heilige Gees nie op hulle gekom nie, en hy het afgegaan en hande op hulle gelê en hulle het die Heilige Gees ontvang. In Handelinge die 10de hoofstuk, die 49ste vers, dat Cornelius 'n visioen in sy huis gesien het, as 'n Heiden, en Petrus het 'n visioen ontvang op die dak om soontoe te gaan, "En terwyl hy nog hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees op die Heidene geval." Van daar af, is daar, is dit dan oop vir die hele wêreld: Jood, Heidene, en Samaritaan.

84 Petrus het die sleutels gehad, dit was daardie bekende preek wat hy gepreek het, en elke kerk, ek gee nie om of dit Katoliek, Protestant, waar ook al is nie, as jy 'n Christen gaan wees, moet jy teruggaan, en die eerste kerk wat God ooit verordineer het, was by die Dag van Pinkster, dit was 'n Pinkster-gelowige kerk met 'n Pinksterondervinding.

85 Nou, neem *Die Niceense Raad*, of *Die Vroeë Kerkvaders*, of enige geskiedenis wat julle wil, dit sal jou reguit terugverwys, die eerste kerk was 'n Pinksterkerk, gevul met die Heilige Gees, tekens, en wonders, en wonderwerke wat vergesel het. En as God 'n oneindige God is en Sy Kerk in orde plaas soos daardie op die Dag van Pinkster, elke keer wat Hy 'n kerk in orde plaas, sal dieselfde ding wees, moet wees, want Hy's oneindig en kan nie verander nie. Ons doktrines en teologie het ons aan eenkant laat beland tot ons in 'n wildernis ronddwaal, God se Bybel bly dieselfde, en God se Gees bly dieselfde. Hierdie is die laaste dae, dis terug na waar die profeet gesê het dit sal Lig wees in die aandtyd.

86 Nou, as hulle gesoek het na 'n Messias, hoeveel weet dat die Jode tekens soek, Grieke wysheid? Paulus het gesê: "Ons verkondig Christus wat gekruisig is." Nou, die Jode, om 'n Messias te ontvang, moes Hy 'n Messiaanse teken hê, want Deuteronómium die 18de hoofstuk, vanaf die 15de vers tot die 22ste, bewys wat die Messias sou wees. En as wat Hy hulle gewys het as die teken dat Hy Messias was, sal dit bly deur al die geslagte wat daar sal kom, solank daar 'n persoon is om dit te ontvang. Moses het gesê in Deuteronómium die 18de hoofstuk, vanaf die 15de vers: "Die Here julle God sal 'n Profeet onder julle oprig, soos ek."

87 En die Messias moes 'n Profeet wees, 'n God-Profeet, en Hy sou die teken van die profeet doen. Ook in baie ander plekke in die Skrif waarna ek. . . ons kon verwys, het God gesê: "As daar een onder julle is wat geestelik is, of 'n profeet, sal Ek die Here God Myself aan hom bekend maak. En wat hierdie profeet sê, hou dit dop, as dit gebeur, luister dan na hom, maar as dit nie gebeur nie, moet dan nie na hom luister nie."

88 Nou, dit was Israel se teken van hierdie groot Messias, wat sou kom. Hy moes 'n God-Profeet wees, tekens van die profeet wys, want die profeet is die een na wie die Woord van die Here gekom het. So met Sy koms, moes die hele bedeling en alles verander, en Hy sou 'n profeetteken moes hê om te bewys dat Hy die Profeet was, Hy moes, want alles het verander, en dis waarom hulle dit moes weet.

89 Nou, ons weet, as Christene, dat Jesus gekom het presies soos Hy geprofeteer is om te kom, maar die kerke in daardie dae het dit alles op 'n ander manier omgedraai gehad. Hulle het gedink dat God waarskynlik die gange van die Hemel sou laat sak, en Hy sou afkom op vlerke van Vuur of iets.

90 En Johannes die Doper, die Elía wat sou kom, dat hy een of ander groot kêrel sou wees, want die berge sou spring soos ramme, en die blare sou hulle hande klap, en die hoë plekke sou gelyk gemaak word, en die gelyktes, hoog. Wel, hulle het verwag een of ander groot, besondere ding sou die nasie skud, maar toe hy gekom het, wat was hy? Hy was 'n man met 'n stuk skaapvel om hom gedrapeer, met baard oral oor sy gesig, wat gelewe het van sprinkaan en wilde heuning, en het uitgekom en gepreek op die modderige oewers van die Jordaan, en die kerke tot bekering geskud.

91 Toe hy baie na sy doop sien kom het, het hy gesê: "Addergeslag, wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn? Moenie dink om by julleself te sê: 'Ons het Abraham as ons vader,' nie, want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek. Ook, die byl word teen die wortel van die boom gelê, elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word afgekap, in die vuur gegooi." So julle sien, dit was heeltemal anders, hulle kon Hom nie ontvang nie.

92 Toe Jesus gekom het, het Hy gekom met 'n buite-egtelike naam, gekom as 'n kind gebore buite die heilige eg. Nooit na enige kweekskool gegaan, of enigiets anders waarvan ons enige rekord het in die Bybel, of geskiedenis, dat Hy ooit een dag skool bygewoon het nie, maar Hy het die priesters verstom, omdat Hy deur God gestuur is, Hy het die wysheid en krag van God gehad om Alles te ondersteun wat Hy gesê het. En Hy het hulle verstom oor Sy Doktrine, want Hy het nie geleer soos 'n skrifgeleerde nie, Hy het geleer soos een wat die Woord van die Here gehad het. Ons het gesien Sy leer was heeltemal anders as wat die kerke

van Sy dag dit gehad het. Miskien, sou dit baie anders gewees het vandag as Hy hier was.

93 Nou, ons sal oplet, die eerste ding wat ons sal neem in Johannes 1, vind ons uit dat daar 'n man met die naam van Simon was, en hy het 'n broer gehad met die naam van Andréas, hulle was vissermanne. Nou, luister mooi, moet dit nie mis nie. So Andréas, miskien, het met Simon gepraat nadat hy daar na die diens toe was, en die Heilige Gees sien neerdaal soos 'n duif op die Here Jesus, hierdie groot Lig, wat afgekom het uit die Hemel, soos, het vlerke gehad, en op Hom gaan sit, en 'n Stem wat sê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon."

94 En dan vind ons dat hy sy broer moes vertel het, so Simon het soontoe gekom om Jesus te sien. 'n Goed geleerde Fariseër, het geweet sy vader was 'n groot aanbidder van God en hom geleer het hoedat, hoe die Messias sou wees wanneer Hy gekom het, hy gesê het: "Daar sal 'n verwarring wees in daardie dag. Sonder twyfel dat daar allerhande soorte valse dinge sal opstaan net om vooraf te gaan, of, in die dag, maar, Simon, moet jy nie vergeet nie, hierdie Messias sal God se Profeet wees, en Hy sal die teken van 'n profeet wys, want Moses het gesê die Here ons God sal 'n Profeet oprig. So, onthou, Hy sal 'n Profeet wees, Simon." Nou ons soek na Hom gister.

95 En Simon stap op met 'n eerlike hart voor God, het opgestap in die ry waar Jesus gestaan het, sodra Jesus hom gesien het, en Sy oë op hom gegooi het, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, jy is die seun van Jona." O, ek stel my voor dit het al die styfheid uit Simon uitgehaal! "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona."

96 Simon het miskien gesteier, en na Hom gekyk. Nie net het Hy hom geken nie, maar Hy het daardie goddelike, ou vader van hom geken. Toe moes in Simon se gedagte opkom het: "Dis Hy!" En neergeval aan die voete van die Here Jesus, Jesus het gesê: "Van nou af sal jy Petrus genoem word," wat beteken "klein klippie." En Hy het hom die sleutels van die Koninkryk gegee.

97 Daar het een daar gestaan met die naam van Natánael, hy het gesien dat dit gedoen word, en hy het sonder twyfel geweet, of, ek bedoel Filippus, die een waarvan ons vanaand praat, hy het gesien dat dit gedoen word, en hy het om die berg gehardloop. As enigiemand hier al ooit in Palestina was, om te kyk waar hulle gemerk het, dis omtrent vyftien myl van waar Jesus gepreek het, rondom tot waar hy sy vriend, Natánael, gevind het. Geloop en aan die deur geklop, sonder twyfel, gevra waar Natánael was, 'n groot Bybelstudent. En sy vrou moes gesê het: "Hy's agter in die . . . onder die vyebome daaragter, iewers, besig om na sy boord om te sien."

98 Om die berg het hy gegaan, totdat hy die vyeboompie getref het, en daar was Natánael op sy knieë besig om te bid, luister, en soos hy hom sien bid het, as 'n Christen heer het hy gewag totdat hy klaar was voor hy enigsins rondbeweeg het. En hy het gewag totdat die man klaar gebid het, en soos hy opgestaan en sy kleed afgevee het, het hy, sommer gou, gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

99 Nou, julle weet hierdie man was 'n ortodokse gelowige. En hy het gesê. . . Nou, ek kan my voorstel dat hy dit sê: "Filippus, ek weet jy is 'n goeie man, jy het beslis aan die diep kant afgegaan. Wil jy vir my sê dat Jesus van Násaret, die seun van Josef! Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

100 Julle weet, ek dink hy het hom die beste antwoord gegee wat enigiemand kon gee: "Kom kyk." Het nie gesê: "Bly tuis en kritiseer." Of: "Staan op en gaan uit," nie. Hy het gesê: "Kom, kyk vir jouself."

101 Om die berg het hulle gegaan, ek kan my voorstel Filippus sê vir hom: "O, jy weet daardie ou man by wie ons daardie vis gekoop het die keer, met die naam van Simon?"

"Ja."

102 "Wel, hy het opgekom voor die Messias nou die dag, en die Messias het vir hom gesê: 'Jou naam is Simon.' Jy onthou, hy het nie eers genoeg geleerdheid gehad om sy eie naam te teken nie." Die Bybel het gesê dat Petrus, die een wat die sleutels van die Koninkryk gehad het, onkundig en ongeleerd was. Hy kon nie eens sy eie naam teken nie, hy was so ongeletterd. Maar dit het God behaag vir sy geloof, om vir hom die sleutels van die Koninkryk te gee, want hy het die openbaring van Jesus Christus gehad, ongeletterde, ongeleerde man.

103 En hy het gesê: "Hy het hom vertel, wie hy was en wie sy vader was. Nou, Natánael, jy weet dat die Messias 'n God-gestuurde Profeet moet wees. God moet in die Messias wees, want Hy moet 'n Koning van die profete wees. Maar Hy moet ons die Messiaanse teken gee, volgens die Skrifte. En as hierdie Man dit sou doen, sou jy nie glo dat Hy 'n Profeet is nie?"

104 Ek kan my voorstel Natánael sê: "Nou, wag net 'n bietjie, Filippus. Ons het vir honderde en honderde jare nie 'n profeet gehad nie. En hoe kan hierdie Galileër, hoe kan hierdie Man van Násaret, ons het geen rekord van Hom in skole of enige plek waar Hy was nie, hoe kan Hy ooit so-iets doen?"

"Kom net, vind uit. Kom, vind uit vir jouself, kyk of dit aangaan of nie."

"Ek het gehoor van daardie wilde man daaronder, Johannes."

105 "Wel, hy was net 'n voorloper, dit was die Jesaja wat die voor-. . . die—die profeet was wat voor Hom uitgegaan het. Maar

Hy is—Hy is. . . Nou, dis die Elía wat moes kom; nou, Hierdie is die Messias, want Hy wys die teken van die Messias."

106 En as dit die teken van die Messias gister was, is dit dieselfde vandag, of Hy het die verkeerde teken gedoen. En dan was Israel reg, en geregverdig deur Hom dood te maak, te ontken dat Hy die Messias te was, want Hy sou 'n bedrieër wees. Maar hulle het Hom doodgemaak omdat Hy bewys het dat Hy Messias was. Daar was geen—daar was geen steen onaangeroer gelaat nie, soos ons verder in die week daarby sal kom, sal julle sien. Hy is die Messias.

107 Nou, ek stel my voor dat hy sê: "Jy weet, Filippus, ek sal—ek wil jou glo, maar ek—ek kan dit net nie doen nie, Ek kan net nie glo dat so-iets gebeur het nie. Dis te goed om te glo."

108 "Wel, jy weet, ek. . . " Filippus mag dit gesê het: "Natánael, dit sou my nie verbaas, as Hy nie vir my sê. . . vir jou sê wie jy is wanneer jy daar kom nie."

"O, nog nooit so gebeur nie. Nee, ek glo dit nie; ek sal dit eers moet sien."

109 So hulle het gekom, uiteindelik by die diens gekom waar Jesus was, en miskien het hy in die gebedsry gekom, ek weet nie, hy mag buite in die gehoor gesit het, of waar ook al, wat hulle ook al was, wat op die grond gesit of regop gestaan het. Maar sodra Jesus se oë op hom geval het, luister, het Hy gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" Dit was Jesus gister. Dit reg? "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

110 En het daardie man *so* verbaas, dat hy gesê het: "Rabbi, wanneer het U my ooit geken?" Met ander woorde: "Hierdie is die eerste keer wat ons ooit ontmoet het. Hoe het U geweet dat ek 'n eerlike man, regverdige man, 'n Israeliet was?" Nie op die manier wat hy aangetrek was nie, alle oosterlinge het dieselfde aangetrek, baard, en tulband, en lang kleed, ensovoorts, donker vel. "Hoe het U my geken?"

111 Luister na Sy Woorde: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Dit was Jesus gister, dis hoe Hy Homself gemanifesteer het.

Wat het hy gesê? "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel."

112 Jesus het na hom gekyk en gesê: "Omdat Ek dit vir jou gesê het, glo jy? Jy sal groter as dit sien." Hy's 'n gelowige, verordineer tot Ewige Lewe, om die werke van God te sien.

113 O, daar het sommige daar gestaan, wat dit nie geglo nie. Die rabbi's van daardie dag, hulle het daar gestaan, hulle het geweet hulle moes hulle gemeente antwoord, daar was geen manier om dit te doen nie, die mense staan daar en het gesien dat dit gedoen word, en hulle het geweet die Skrifte het geleer dis wat die Messias sou wees, so hulle moes die mense antwoord.

114 Wat het hulle gesê? Hulle het dit nooit hardop gesê nie, maar in hulle harte het hulle gesê: “Hierdie man is Beëlsebub, ’n fortuinverteller, een of ander bose gees.” Sien? “Hy’s die prins van die duiwels, ’n fortuinverteller, en dis hoe hy hierdie dinge doen, is deur sy fortuinvertellery.”

115 Wat het Jesus gesê? Hy het gesê: “Ek sal julle daarvoor vergewe, maar eendag, sal die Heilige Gees kom, en een woord Daarteen te spreek, sal dit nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie.” Kyk waar plaas ons onsself dan!

116 Noem. . . Wat is die lastering van die Heilige Gees? Die Gees van God, wat presies gedoen het wat die Bybel voorspel het Dit sou doen, ’n demoniese krag te noem. Daar’s nooit vergifnis daarvoor, nie in hierdie wêreld, of die een wat sal kom nie. En Jesus kan nie lieg nie, want Hy was God, en dis onmoontlik vir God om te lieg. God was in Hom, Hy het gesê: “Dis nie Ek nie, dis My Vader wat in My woon.” Die Seun was die Man, God was die Gees wat in Hom was, en dit was die Gees wat uit Hom gespreek het.

117 Nou, sien julle wat Hy aan daardie Jode gedoen het? Toe Hy hulle ontmoet het, het hulle wat verordineer was tot die Lewe, dit herken. Moet dit nie mis nie, kerk! Diegene wat verordineer was tot die Lewe, het dit herken en dit geglo. Maar hulle wat dit nie geglo het nie, het na die verderf gegaan. Het Jesus nie vir daardie heilige, geheiligde manne gesê, wat die Skrifte van A tot Z geken, of daarop aanspraak gemaak het nie: Hy het gesê: “Julle is van julle vader die duiwel”? Dis presies reg.

118 So moenie sonde plaas op rook, drink, dobbel nie, dis nie sonde nie, dis die eienskappe van ongeloof, sonde is ongeloof. Jy mag nooit ’n sigaret aangeraak het, gedrink het, of nooit enigiets boos in jou lewe gedoen het nie, as jy God se Woord nie glo nie, is jy steeds ’n sondaar. Sonde is ongeloof. Daar’s net twee geeste, een glo, en die ander een glo nie.

119 Maak nie saak. . . Ons het al ons gedagtes gebaseer op een of ander soort heilige daad, iets wat ons wil doen, en iets wat ons gedoen het: “Ek het die Joneses ’n bietjie steenkool gegee, toe hulle was. . . Ek het ’n reg op ’n Hemel.” Jy het geen reg op die Hemel, totdat jy God glo, en dit aanvaar op die basis van geloof op die gestorte Bloed van Jesus Christus, die Seun van God, nie.

120 Jy het geen regte, op geen ander manier nie, maak nie saak nie, jy mag ’n stoere lidmaat wees, ’n Pinkster deur en deur, Metodis, Baptis, of Katoliek deur en deur, maak geen verskil aan watter kerk jy behoort nie, as jy plegtig geglo het aan Jesus Christus, en Hom aanvaar het as jou persoonlike Verlosser, as jou geloof in Hom is, gee ek nie om na watter kerk toe jy gaan nie, jy word gered deur geloof. En daarsonder, is daar. . .

121 Daar’s geen heilige kerk nie, daar’s geen heilige mense nie, dis die Heilige Gees in die mense, wat dit heilig maak. ’n Heilige

God wat onder mense woon, wat die heiligheid maak. Nie iets wat ek doen, iets wat jy doen, of iets wat ons sou gedoen het nie, maar dis wat God vir ons gedoen het, deur Christus Jesus, dis die Bybel.

122 Kyk na die Jode, hulle het dit plegtig geglo, sommige van hulle, wat verordineer was tot die lewe; ander, stoer ortodoks in hulle gelowe, gevestig, hulle sou nie eens 'n brief hê nie, hulle was, moes deur die geslag van priesterskappe kom, af, af, af, af, van oupa na oupa en oupa, om 'n Leviet te wees, om 'n leraar te wees, maar hulle is geleer in 'n tradisie, in plaas van die ware Woord.

123 Jesus het gesê: "Julle is. . .die vader. . .Julle vader is die duiwel."

124 Maar daardie arme vissermannetjies, nederig, wat sou ontvang en glo, wat geleer is en geweet het wat die Messias sou wees, hulle het dit herken op die oomblik wat hulle dit gesien en dit geglo het, gesê: "Waarlik, U is die Seun van God, waarlik, Rabbi, ons weet dat U 'n Leraar is wat van God af kom."

125 Nikodémus het dit goed uitgedruk, die kerk wou hom dit nie laat ontvang nie, maar tog, wou hy. . . "Ons weet dat U 'n Leraar is, wat van af God, want geen mens kan die dinge doen wat U doen, as God nie met Hom is nie. Ons weet dis onfeilbaar, U is die Messias, U het vir ons U teken gewys dat U Messias is. Ons weet Moses het gesê dat U sou kom, ons weet die Skrif sê U sou kom, ons weet dat U die God-Profeet moes wees. En hier bewys U vir ons, selfs deur die gedagtes te ken wat in ons harte is. Ons weet U is 'n Leraar, wat van God af kom."

126 Nou, Hy kom net na hulle wat na Hom soek. Ons Heidene, die Anglo-Sakse, in daardie dae was heidene, Romeine, sovoorts, ons het 'n knuppel op ons rug gehad en afgode aanbid. Maar daar was 'n ander klas mense wat die Samaritaan was, wat half Jood en Heiden was, hulle het toe gesoek na 'n Messias. Nou, vinnig nou, ons het net nog omtrent vyf minute. Hulle het gesoek na 'n Messias.

127 En Jesus was op Sy pad af na Jérigo, maar Hy moes deur Samaria gaan. Wonder hoekom. Nou, luister baie goed. En toe Hy by 'n sekere stad gekom het, het Hy die dissipels ingestuur om 'n paar lewensmiddele te kry, en Hy het Self gaan sit langs 'n put. As julle ooit daar was, dis 'n panorama, put is steeds daar, net iets soos hierdie hier, nie heeltemal so hoog nie, ranke daar rondom, die openbare put waar die mense gekom het om hulle water te kry. Die dames kom daar uit en kry nog steeds hierdie groot kanne vol water, sit hulle op hulle kop, en loop net so glad as wat jy kan, en praat soos dames kan, julle weet, met mekaar, en gaan net aan en mors nooit 'n druppel daarvan nie. En hulle het daar gekom om hulle water te kry.

128 Jesus het gaan sit omdat Hy moeg was, soos Hy gesê het. En die dissipels het in die stad ingegaan om kos te koop. En terwyl hulle weg was, het 'n pragtige jong vrou uitgekom, wat 'n vrou met 'n slegte reputasie was. Sy het die huweliksgeloftes gebreek, sy was vyf keer getroud, en het saam met haar sesde man gewoon.

129 Kom ons sê sy het uitgekom, in daardie dae, die eerlike waarheid daarvan is, sy kon nie vroeg in die oggend saam met die vroue kom nie, want hulle het glad nie gemeng, reg en verkeerd nie. Vandag is dit alles gemeng, kan nie sê wat is wat nie, trek eenders aan, lyk eenders, praat eenders, net dieselfde ding, almal rook sigarette, en gaan uit en gaan aan, sny hulle hare, en gebruik grimering, en jy kan nie. . . net hond-vreet-hond. Daar het julle dit. Hier kom hulle.

130 En so het sy na die put toe gekom na al die res van die vroue al weg was, en sy het begin laat sak die. . . dis 'n slinger, en hulle het hake, die groot. . . dis eintlik nie 'n emmer nie, dis 'n—dis 'n pot, of 'n soort ketel, het 'n lang nek daaraan, het twee hake. En hulle sit die—die slinger onder hierdie arms, en laat dit afsak in die—die put, en kry die water, en hys dit dan weer op.

So toe sy begin het om die—die pot in die put in te laat, het sy 'n Man hoor sê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

131 En sy het oorkant toe gekyk en sy het 'n Jood daar sien sit. O, Hy was net omtrent drie-en-dertig jaar oud, maar Hy moes omtrent vyftig gelyk het, want hulle het net vir Hom gesê Hy—Hy het vyftig gelyk, in elk geval, gesê: "Jy's 'n man nie ouer as vyftig jaar nie, en sê jy het Abraham gesien?" Sien? So Sy werk moes Hom nogal afgetakel het.

So daar het Hy teen die put gesit, gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

132 En sy het rondgekyk, en sy het Hom laat weet dat daar segregasie in daardie land was. Sy het gesê: "Ons he-. . . Jy is 'n —'n Jood, en ek is 'n vrou van Samaria, Jy het nie sulke gebruike hier, om vir my so-iets soos daardie te vra nie."

133 Kyk hoe die vraag terugkom. "Maar as jy geweet het," O God: "as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink." [Leë kol op band—Red.] " . . . waters van die Lewe, wat opborrel." So die vraag het opgekom oor aanbidding in die berg, of by Jerusalem.

134 Wat het Jesus gedoen? Nou, Hy moes deur Samaria gaan, en Hy het gesê Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom gewys het nie, dan moes Hy daar verbygaan, die Vader het Hom soontoe gestuur. En sonder twyfel, het Hy gesê, in Johannes 5:19: "Ek doen niks totdat Ek die Vader dit sien doen nie, Vader wys My eers, in 'n visioen, wat om te doen." Hoeveel het ooit daardie Skrif gelees, Johannes 5:19? Ja: "Ek doen niks totdat Ek die Vader dit eers sien doen nie, dan doen Ek net wat Hy My wys om te doen."

135 Toe het Hy dit sien aangaan, en Hy moes die vrou sien kom het, maar Hy moes haar ondervra, Hy het haar gees probeer vind. Sien? So, Hy het gesê, dis waarom Hy gesê het: "Bring vir My water om te drink." Hy het geweet deur die visioen dis hoe dit gelyk het, die vrou, so Hy het geweet sy was veronderstel om so te lyk. En, miskien, miskien het haar krulle alles afgehang in haar gesig, en kon sy nie in die openbaar verskyn nie, maar tog, het sy gekom om die water te kry, en Hy het met haar begin praat. En Hy het gesê . . .

136 Sy het gesê: "Ons moet in hierdie berg aanbid, en—en ons vaders het hier aanbid, en ons vader, Jakob, sien, hy het die put gegrawe." En—en hulle het geweet God was God, ook, hulle het gesoek na 'n Messias wat sou kom, en hulle het gesê: "En U sê by Jerusalem . . . "

137 Hy het gesê: "Die uur het gekom en is nou, wanneer julle nooit sal aand- . . . nie aanbid in Jerusalem, of in hierdie berg nie. Maar God is 'n Gees, en hulle wat Hom aanbid, moet Hom in Gees en Waarheid aanbid." Die vraag het voortgegaan, aangegaan, met haar gepraat totdat Hy haar gees gekontak het.

138 Nou, ek het gesê ek moet alle dinge bewys deur die Woord van God. Nou, net daar kon ek dit nie bewys deur die Woord nie, maar deur . . . As julle sou . . . Dit moes dit wees, want Hy het met haar gepraat. Julle weet Hy het met haar gepraat, en Hy het haar gees gekontak, en Hy het uitgevind waar haar probleem was. Hoeveel weet wat haar probleem was? Sekerlik, sy het gelewe . . . het ses mans gehad.

139 En Hy het gesê: "Vrou, gaan, kry jou man, en kom hiernatoe." Nou, kyk, Hy gaan- . . . Hierdie is Messias, glo julle Hy was Messias? "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

140 Sy het gegaan, sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie." O, wat 'n direkte ontkenning van wat Hy gesê het!

Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf mans gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie, so jy het die waarheid vertel."

141 Kyk na daardie vrou, kyk hoeveel meer sy van God af geweet het as wat daardie priesters het. Dink daaraan, broers. Daardie priesters het gesê: "Hy's Beëlsebub, 'n fortuinverteller."

142 Wat het daardie vrou gesê? Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet, ons Samaritane weet dat wanneer die Messias kom, dit Sy teken sal wees, Hy sal vir ons hierdie dinge vertel wanneer die Messias kom. Ons ken die Messias, wat die Christus genoem word, die Gesalfde, wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." O, goeiste!

143 Sy het haar waterpot laat val, sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?"

144 En die Bybel het gesê: "Die manne van daardie stad het in Hom geglo as gevolg van die woord van die vrou." Is dit reg, Bybelleraars? As gevolg van die woord van die vrou, het hulle Hom geglo. Dit was Jesus gister. Dis hoe Hy Homself bekend gemaak het, beide Jode en Samaritane, maar nie aan die Heidene nie, nie een keer is dit gedoen voor 'n Heiden nie. Maar Hy het geprofeteer en gesê in die aandtyd sou dit kom.

145 Julle sê: "Waarom, Broer Branham?" Goed, ek sal dit vir julle gee in een Skrif net nou, ter afsluiting, Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Is dit reg?

146 Laat ons Sodom neem, kyk wat Hy gedoen het. In Sodom, het Lot homself afgesonder, 'n louwarm gelowige, en het afgegaan in Sodom, en vir hom 'n goeie reputasie daaronder opgebou. Maar Abraham het uit Sodom uitgebly, en gelewe volgens die belofte wat God hom gegee het.

147 Nou, altyd, is daar drie klasse mense, elke diens het hulle, elke stad het hulle, elke kerk het hulle, dit is ongelowiges, skyngelowiges, en gelowiges. Dis presies reg. Dit was altyd so, dit is vandag nog, elke gemeente, elke byeenkoms, selfs toe die seuns van God opgekom het voor God, was hy daar.

148 So ons vind hier uit dat in die tipe van die Sodom...Nou, kyk hoe naby Hy hierdie gesê het, hoe Hy dit gesê het, hoe Hy dit verwoord het. Sien? En Sodom was net voor die Vuur geval het. Sien? En dis wat gereed is om nou te val, Vuur. Ons weet dit. Hierdie is 'n verdoemde wêreld, ons weet dit, sy's—sy's sonder hoop, sonder God, sy's verlore, net 'n klein oorblyfsel van mense wat gereed is vir die Wegraping. Hierdie week, as God wil, sal ek dit bewys, woord vir woord. Let op, ons is 'n verdoemde volk, of, die wêreld is, die Kerk is nie. Dank God daar's 'n oorblyfsel.

149 Let op, maar let nou op die laaste teken wat Sodom ontvang het. Hy was die heeltyd by Abraham gewees, maar eendag, net voor die verbranding van die stad Sodom en Gomorra, vind ons uit dat hulle 'n klomp verdraaides daaronder gehad het. Kyk na die nasies vandag. Sien? Elke gedagte op 'n man se hart was boos, totdat hulle hulleself verdraai het in seksuele verhoudings, sovoorts.

150 Let op, daar was drie wat opgekom het om Abraham te ontmoet, gelyk het soos mans, stof op hulle klere, en gesê het dat hulle vreemdelinge was. En twee van hulle het afgegaan om vir Sodom te preek, om tien mense te probeer vind. Onthou, het afgegaan na Sodom, die louwarm kerk, 'n moderne Billy Graham, ensovoorts, onder in Sodom, die Evangelie verkondig, die mense verblind deur die Evangelie.

151 Dis wat die evangelis Billy Graham, en Oral Roberts, en baie van daardie groot manne van God gedoen het, die mense geskud het, hierdie volk is geskud. Die wêreld weet daarvan, deur die groot bediening van hierdie God-gegewe manne, die nasies is geskud met hulle bediening.

152 Maar onthou, die woord *kerk* beteken: "uitgeroep." Abraham het homself afgesonder van al daardie goed. So, die Een wat agtergebly het en met Abraham gepraat het, wat Abraham Hom genoem het, Here, dit was God. Ek weet julle mag nie daarmee saamstem nie, maar kyk wat die Skrif-. . . Abraham was die een wat met Hom gepraat het, Hom genoem het, hoofletter H-e-r-e, Elohim: "Here God." Wat het Hy gedoen? Abraham het Hom die vleis van 'n kalf gevoer, melk van 'n koei, botter, en koekies, en Hy het dit geëet; en Hy was Elohim. Wat het Jesus daarna verwys?

153 Nou kyk, paar dae tevore, het God die naam van Abraham verander, of, Abram, na Abraham; S-a-r-a-i, na S-a-r-a, Sara: "prinses." Abraham, hom deel van Sy Naam gegee, *Elohim*, Abraham, as 'n vader van nasies.

154 En kyk na hierdie Een Wat gesit en met hom gepraat het, 'n Man, geklee in klere, stof daarop, vleis geëet het net soos enige ander menslike wese, Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" Hou die Skrifte dop.

Abraham het gesê: "Sy's in die tent agter U."

155 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek." Dit het bewys wat Hy was. "Ek gaan jou besoek volgens My belofte wat Ek jou gegee het. Ek gaan jou besoek, en jy gaan hierdie baba hê, waarvoor jy vyf-en-twintig jaar gewag het, sy's negentig, en jy's nou 'n honderd, so ek gaan vir jou daardie baba gee."

156 En Sara het in haar hart gelag by haarself, het die Bybel gesê, en die Engel met Sy rug gedraai na die tent. En gesê: "Ek, 'n ou vrou, genot hê met my heer daarbuite, en hy wat ook oud is?"

En die Engel met Sy rug gedraai, God gemanifesteer in vlees, het gesê: "Waarom het Sara gelag, by haarself gesê. . .?"

157 Wat het Jesus gesê? "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Daardie selfde ding, God gemanifesteer in die vlees van Sy mense, nie Engele wat afkom nie, maar mense, gebore uit die Gees van God, met Ewige Lewe in hulle boesem, wat optree en dieselfde ding doen wat daardie Engel daar by Sodom gedoen het.

158 "Menere, ons wil Jesus graag sien." As Hy vandag lewe, en in hierdie kerk was, sou Hy dieselfde doen as wat Hy toe het. En hierdie is die afsluiting van die Heidense eeu. Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees, wat nie dag of nag genoem kan word nie, maar in die aandtyd sou dit Lig wees."

159 Nou, die son, geografies, kom op in die ooste en sak in die weste, dieselfde son. Wel, nou, wanneer die S-e-u-n opgekom

het oor die oosterse mense en Sy wonderbaarlike kragte getoon het. . .Ons het 'n dag gehad, dit was 'n somber, reënerige dag, ons het genoeg Lig gehad dat ons by die kerk kon aansluit, organisasies kon bou, en 'n wonderlike tyd kon hê, Christene wees, Christus aanvaar, maar daardie Seun-Lig het nog nooit daarna deurgestroom nie. Maar hierdie is. . .

160 Beskawing het saam met die son gereis. Die oudste beskawing is China. Ons het gekom. . .Dit het beweeg van die ooste af, weswaarts beweeg saam met die son, ons is nou by die Weskus. En die Bybel het gesê, die profeet het gesê: "Dit sal Lig wees in die aandtyd." Daardie selfde Seun wat in die ooste opgekom het, sal met Sy selfde krag op die westerse mense skyn as wat Hy het in die ooste. "Menere, ons wil Jesus graag sien." Hoekom kan ons nie? Waarom kan ons nie, wanneer Hy dit belowe het?

Julle sê: "Broer Branham, dis die Bybel, maar sal dit werk?"

161 As dit God se belofte is dat dit sal werk, moet dit werk. Glo julle dit? As Hy in hierdie gehoor mense sou inkom vanaand, en optree, en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het toe Hy hier was, om hom te laat weet, julle laat weet, dat Hy hier is, dieselfde Christus, dieselfde ding sou doen, sou julle in Hom glo? Steek julle hande op en sê: "Ek sou glo, as ek kon sien dat dit gedoen word."

Laat ons ons hoofde buig.

162 Oppermagtige en Almagtige God, ons dank U, O Heilige Vader, vir die belofte wat U ons gegee het, en ons weet dat U beloftes waar is. Nou, dit is 'n slegte nag buite, maar 'n heerlike nag binne, nie 'n nag binne nie, maar 'n dag waar die Seun van God in ons harte skyn en lewe. Ons dank U vir gelowiges, en vir 'n Christus Wat belowe het om na hierdie gelowiges toe te kom, en Homself te manifesteer, en te wys in hierdie laaste dag aan die Heidense ras, wat ons weet, Vader, dit nog nooit was volgens die geskiedenis vandat die vroeë kerk uitgesterf het, tot hierdie tyd nie, hoe Paulus en hulle in die ou dae, hoedat die visioene oor hulle gebreek het, en hulle dieselfde ding gedoen het, Ananias en Saffira; en Paulus op die see daardie nag; en die Engel van die Here langs hom gestaan het, en hy uitgestap en die mense vertel het; en hoedat die groot kragte van God bekend was in daardie vroeë kerk, U het dit weer belowe in die laaste dae.

163 Ek bid, Vader, dat U die foute van U dienskneg sal vergewe. En nou, laat die Heilige Gees kom, want dit is Sy Woord, en laat Hom voor hierdie mense doen, nadat ek vir hulle gesê het, Vader, dat verlossing is wat alreeds vir hulle gedoen is op Gólgota, Goddelike genesing is wat U vir hulle gedoen het op Gólgota.

164 En ek bid U, Here, dat hulle mag verstaan dat dit hulle eie geloof is. En wanneer hulle die God wat die belofte gemaak het, sien kom in Sy krag en optree soos Hy toe het, hulle sal weet

dis dieselfde Jesus wat die belofte gemaak het. Skenk dit, Here, soos ons onsself toevertrou aan U, en hierdie gemeente, vir die Koninkryk van God se ontwil. In Jesus Christus' Naam, vra ons dit. Amen.

165 Nou gaan ek vra of daar enigiemand hier is, wat wil gaan vir die volgende tien tot vyftien minute, dat julle nou sou gaan, sodat julle nie die diens sal versteur nie. Nou, nou moet asseblief nie van nou af rondbeweeg, sien, na hierdie oomblik nie, bly net in julle sitplekke.

166 Elke dag wat ons gaan bid vir die siekes. . .Ek sal dit sê, terwyl iemand moet gaan, maar as julle kan, bly nog vyftien minute, om te kyk en te sien of die Woord reg is. Nou, enigiemand kan kom, dit sê, maar nou verg dit God om dit te laat werk. Dis reg. Dit neem. . .Nou, as. . .

167 Elke dag wat ons in die aand vir die siekes bid, sal ons afkom, en—en die kêrels sal gebedskaartjies uitdeel. Dit sal óf my seun wees, Billy Paul; hierdie seun net hier, Gene Goad, wat een van die bandopnamekêrels is; en daar's nog een met die naam van Leo, Leo Mercier; enigeen van daardie kêrels sal die kaarte uitdeel.

168 Hulle sal opstaan voor die gehoor en die kaartjies almal skommel, dan sal hulle afkom en vir jou 'n gebedskaartjie gee. Daarom weet hulle nie watter soort gebedskaartjie hulle vir mense gee nie, wat opgeroep sal word, wie nie sal wees nie, dit regverdig hulle, en niemand weet, weer, waar hulle sal begin tot daardie aand, wanneer die Heilige Gees dit op ons hart lê, waar ook al, nie. Natuurlik, het dit niks te doen met die genesing van die mense nie, maar dis net om iemand hier op die platvorm te kry voor die Gees van die Here.

169 En dan, julle buite in die gehoor wat nie 'n gebedskaartjie het nie, moenie moeg word nie, sit daar en glo met jou hele hart, kyk wat gebeur. Nou, ek hoop julle sal luister na die dinge wat ek gesê het, dat julle nie meer sal rondloop nie.

170 En, asseblief, niemand moet enige foto's neem gedurende hierdie tyd nie, want 'n bietjie later, kan ek vir julle sê Dis 'n Lig, die Engel van die Here, ons almal weet 'n Vuurkolom was, ons het die foto Daarvan hier van Duitsland gehad, van Switserland, van Amerika, van voor die FBI, en alles is bewys, dit is 'n bonatuurlike Wese, Dit sal binne 'n oomblik op die platvorm wees. En Dis dieselfde Gees van God, presies. So moenie enige foto's neem van nou af nie, van nou af, deur die diens nie, en sit, en wees baie eerbiedig, en stil, terwyl die mense kom.

171 Nou, ek glo. . .Het julle? Of, Billy, gee jy uit. . .? Huh? Wat? Een tot 'n honderd? Wel, so laat, ons sal nie in staat wees om te veel te roep nie. Maar hou julle julle kaartjies. Kom ons roep 'n paar van die mense hiernatoe.

172 Wie het gebedskaartjie nommer een? As jy kan opsteek, of jou hand opsteek. Gebedskaartjie nommer een. Wat's die—wat's die letter daarop? A, A, nommer een. Het enigiemand dit? Sal jy . . .? Daar moet iewers iets verkeerd wees. Wel, ons sal begin . . . O, ek's jammer, goed. Sal jy net hiernatoe kom, dame? Nommer twee. Gebedskaartjie A, nommer twee. Steek jou hand op. Goed. Kom net hiernatoe, dame. Nommer drie, sal jy jou hand opsteek? Goed, nommer drie. Het ek dit gesien? Ja, ver agter. Nommer vier, sal jy jou hand opsteek? Ver agter, goed. Nommer . . .

173 Wel, hy gee hulle oral in die gebou uit, enigiemand wat hulle wil hê. Nommer vyf. Sal jy jou hand opsteek, wie ook al gebedskaartjie nommer vyf het? Goed. Nommer ses, sal jy jou hand opsteek? Steek jou hand op sodat ek kan sien. Goed, meneer, net hier. Nommer sewe, nommer agt, nommer nege. Soos ek julle roep, kom oor . . . Nommer tien. Dis goed.

174 Sien, hierdie mag 'n basketbalvloer wees, 'n arena, maar dit is nie vanaand 'n arena nie, dis die kerk van God. Sien? So ons moet eerbied en respek hê vir die Heilige Gees. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege. Nommer tien. Wie het gebedskaartjie nommer tien? Goed, dame. Nommer elf. Goed. Nommer twaalf. Nommer twaalf, dertien, veertien, veertien, veertien, veertien? Wel, dis genoeg. Kom ons—laat ons net daar begin. Nou, wie ook al kaartjies het, hou, hou hulle net, hulle sal geroep word.

175 Nou, ek veronderstel dat nege-en-negentig persent van hierdie gehoor miskien vreemdelinge vir my is. Almal wat in hierdie gehoor is wat vreemdelinge vir my is, steek op julle hande. Sien? Ek reken hier omtrent 'n honderd persent. Goed.

176 Hoeveel hierbinne wat nie 'n gebedskaartjie het nie, en julle is siek, en julle wil hê God moet julle genees, julle het nie 'n gebedskaartjie nie, en ek is 'n vreemdeling vir julle, steek julle hande op, oral in die gebou, Ek gee nie om waar jy is nie. Wel, dis net omtrent algemeen, oral. Goed.

177 Nou, terwyl hulle die mense in die ry kry, wil ek graag iets vir julle sê. Eenkeer het Jesus soontoe gegaan om 'n klein, dooie dogtertjie, Jaïrus se dogtertjie, op te wek, en daar was 'n vrou wat 'n bloedvloeiing gehad het, en sy het in haar hart gesê: "Ek glo dat Hy Messias is, so as ek net die soom van Sy kleed kan aanraak, die soom van Sy kleed, sal ek gesond gemaak word." Hoeveel het ooit daardie storie gelees? Sekerlik. En sy het Sy kleed aangeraak, want dit was wat sy wou doen. Sy het Hom geglo, sy het Hom nog nooit tevore gesien nie, maar sy het Hom geglo, sodra sy Hom gesien het, het sy Hom geglo.

178 So toe, het sy Sy kleed aangeraak. Nou, Hy kon dit nie fisies gevoel het nie. Die Palestynse kleed hang los, en dit het 'n onderkleed, en dan kon Hy dit nie gevoel het nie. En die vroutjie het Sy kleed aangeraak, almal het hand geskud met

Hom, ensovoorts, en Hom omhels. En so, het Hy toe gesê, sy het uitgegaan in die gehoor en gaan sit, of wat dit ook al was, en sy het gesê. . . Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

En Petrus het Hom bestraf, gesê: "Here, waarom het U so-iets soos daardie gesê?" Gesê: "Almal raak aan U."

179 Hy het gesê: "Maar Ek merk dat Ek swak geword het." Die Koning James sê *deug*, wat, *deug* is "krag." "Ek sien dat deug van My uitgegaan het." En Hy het oral oor die gehoor gekyk totdat Hy die vroutjie gevind het, en vir haar gesê dat sy 'n bloedvloeiing gehad het, en haar geloof haar gered het. Is dit reg?

180 Wel nou, aan julle mense, nie 'n gebedskaartjie het nie, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sou Hy nie vandag op dieselfde manier optree as jy Hom aangeraak het nie? Is dit reg?

181 Nou, hoeveel. . .? Julle predikers hier weet dit, en julle predikers, en julle Bybellesers daarbuite, dat die Bybel gesê het dat Jesus Christus, net nou, 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Net nou, is Hy 'n Hoëpriester. Is dit reg, broers? Wel, as Hy dieselfde Hoëpriester is wat Hy toe was, hoe sou Hy nou optree? As Hy dieselfde Hoëpriester is wat Hy toe was, sou Hy op dieselfde manier optree. Is dit reg? Want Hy's dieselfde Hoëpriester, Hy's God, Hy kan nie verander nie, Hy kan nie anders wees as wat Hy was nie.

182 As Hy—as Hy hierdie Heidense kerk laat deurgaan sonder om daardie selfde Messiaanse teken te hê, dan het Hy iets vir hulle gedoen, die Samaritane, en die Jode, wat Hy nie vir ons gedoen het nie, so dit sou nie regverdig wees nie. Hulle kon nie deurkom met teologie nie, hulle moes 'n tyd hê wat hulle teologie veroordeel is, om God se Woord gemanifesteerd aan hulle te bring in vlees, en so ook die Heidense kerk wat dit nou kry.

183 Nou, asseblief, ek vra weer, moenie—moenie rondloop nie, asseblief. Sien? Die Heilige Gees is net so fyngevoelig as wat Dit kan wees. En partymaal wanneer jy beweeg, sien, jy's 'n gees, jy's 'n siel, dan wanneer jy beweeg, meng dit in, sien. Bly net baie stil, wees eerbiedig. Nou, na iets gedoen is, as die Heilige Gees iets doen, wil jy sê: "Prys die Here," goed, maar wanneer jy in die kontak van die Gees van God kom, bly baie stil. Bly net in gebed.

184 En julle daarbuite wat nie 'n gebedskaartjie het nie, sê julle dit: "Here Jesus, ek weet daardie man ken my nie, en ek weet hy's net 'n man, maar ek glo U is God. En ek glo. . . Hy het die Skrif gelees, hy het my die waarheid vertel, so ek is siek en behoeftig, laat my U aanraak, Vader." Vind uit wat gebeur. Sê: "Nou, spreek U deur hom, hy's net 'n mondstuk." Kyk, hierdie mikrofoon is stom totdat iets daarin praat, so sou ek wees, ek ken nie een van julle nie.

185 Nou, almal in daardie gebedsry wat weet dat ek niks van julle af weet nie, steek julle hande op, oral daarlangs, weet dat ek

niks van julle af weet nie. Sien? En hier's my hande, ek weet, ek het nog nooit vantevore in my lewe daardie mense gesien, sover ek weet nie. Daar's nie 'n persoon daarlangs, wat ek ooit gesien het nie. Ek kan nie 'n persoon in die gebou sien wat ek ken, tensy hierdie my goeie vriend Broer Skaggs van Chicago is, wat oorkant sit op hierdie. . . Is dit jy, Broer Skaggs? Ek het gedink dit was daar. En ek weet dat daar Broer Fred Sothmann is, glo ek hier iewers in die gebou is. En miskien, is Tom Simpson, veronderstel ek, hier iewers in die gebou. Ek weet nie. Waar is jy? Is julle hier, Broer Fred en Broer Tom? Ek het hulle motor gesien buite. . . Ja, dis net hier, ver agter aan die agterkant. Goed.

Nou, wees baie eerbiedig. Goed, die. . . Nou, as die mense 'n bietjie moeg word, gee hulle 'n stoel.

Kom net hiernatoe, dame.

186 Nou, *Hier* is die Woord. Hoeveel glo dat ek vir julle gelees het, en aan julle die Woord van God gepreek het, die belofte van God? Nou, *Hier* is God se Woord. Nou, hier's 'n persoon wat ek nog nooit tevore gesien het nie, sal dit werk? Dit sal as sy glo, en ek glo, en ek myself kan oorgee aan God, soos met 'n gawe, en Hom, net van myself laat ontslae raak, en Hom laat praat. So as daar enigiets gedoen word, soos die Here Jesus sou wees, sou dit mo-. . . sou jy weet dit moet Gees wees.

187 Nou, kom ons neem, net soos ek 'n paar minute gelede aangehaal het, Johannes 4, hier's 'n dame en 'n man wat nog nooit tevore ontmoet het nie, nou, as vreemdelinge vir mekaar, en is net in 'n klein panorama waarvan ek gepraat het. Nou, Johannes 4, het Jesus 'n vrou van Samaria ontmoet, en Hy het 'n rukkie met haar gepraat, totdat Hy haar gees gekontak en haar toe vertel het, van haar probleem.

188 En nou, as Hy daardie selfde ding vir jou sou doen vanaand, in die wete dat ek jou nie ken nie, sien, en God ken jou, en jy ken my nie, of as jy my net by die naam ken, of iets, maar as—as Hy dieselfde ding sou doen, sou dit jou met jou hele hart laat glo? [Die suster sê: "Amen."—Red.] Dit sou.

Sou dit die gehoor met hulle hele hart laat glo?

Nou, elke siel hierbinne, onder die beheer van die Heilige Gees, in die Naam van Jesus Christus.

189 En wie ook al is, die ingenieur op hierdie mikrofone, as my stem sag word, want ek weet nie wat ek sê nie, as dit sag word, maak dit harder, sodat die gehoor kan hoor.

Nou, wees baie eerbiedig en stil, terwyl ons net 'n oomblik met die vrou praat.

As jy hier reg oorkant sal staan, sodat ek seker sal wees dat hulle dit hoor. Net oorkant. . .

190 Nou, ons Here, toe Hy na die vrou van Samaria gekom het, het Hy gesê Hy moes deur Samaria gaan, om die vrou te sien. En,

natuurlik, het God, die Vader, Hom soontoe gestuur. En Hy het die vrou ontmoet, en Hy het niks van haar geweet nie, Hy het haar nooit in Sy lewe gesien nie, sy het Hom nog nooit gesien nie, maar tog, moes Hy daardie Samaritaanse vrou dieselfde teken gee wat Hy vir die Jood gegee het.

191 En nou is jy die Heidense vrou. Sien? Nou, Hy moet dieselfde Jesus wees, gister, vandag, tot in ewigheid. Is dit reg? Nou, as Hy so-iets sou doen, jy weet dan sou dit van een of ander Gees moes kom, jy weet dit sou 'n Gees moes wees. Nou, jy kan die Fariseër se kant kies, die godsdienstiges van daardie dag, en sê dit was die duiwel, dan hang dit van jou en God af. Maar as jy sou sê dit was Christus, dan ontvang jy Sy beloning.

192 Nou, as die Heilige Gees my sal sê, nou sê ek, as ek hiernatoe sou kom en sê: "Suster, ek het 'n gawe van genesing." Lê my hande op julle, en sê: "Glorie aan God, die Bybel sê: 'Hierdie tekens sal hulle volg, glo, hande op siekes lê, hulle sal gesond word.'" Dis waar. Wel, jy kan dit gaan glo, dit sal in orde wees.

193 Maar tog, kan jy 'n bietjie wonder in jou gedagte: "Ek wonder of dit waar is, want die Bybel het gesê: 'As daar een onder julle is, wat geestelik is, of profeet, wat hy sê gebeur, luister dan na hom, maar as dit nie gebeur nie, moet dan nie na hom luister nie.'"

194 Nou, die konfrontasie is nou hier: Het ek die waarheid vertel? Is dit die Woord van God? Is dit die belofte van God? As dit is, dan sal Hy dit manifesteer.

195 Nou, die vrou is bewus dat sy in die Teenwoordigheid van Iemand anders as 'n man is, baie soet, nederige gevoel. Is dit reg? As dit is, steek net jou hand op, so die ge-. . . Tussen my en die vrou is daardie Gees van Christus, daardie Lig. Die vrou is hier om voor gebid te word, as gevolg van 'n senuweetoestand, sy het 'n baie ernstige toestand van senuwees. As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy?

196 Uiteindelik, ek het nooit 'n eerste aand gesien wat dit nie sou doen nie. Iemand in jou hart, moenie dink jy kan nou jou gedagtes wegsteek nie, want jy kan nie, jy het gesê ek het dit geraai. Ek het nie. Net 'n, as 'n teregwysing vir julle, dat julle mag weet, ons sal sien of dit so is, of nie. Sien? Elke keer, 'n eerste aand, wanneer iets gesê word. . . Nou, net nou, kon ek jou nie sê wat ek vir die vrou gesê het nie, maar dat jy mag weet dat dit die Gees van God is, en nie wat jy dink nie, dit sal 'n duidelike teregwysing vir jou wees!

197 Jy's 'n goeie persoon, goedhartige persoon, maar nou, ja, hier kom dit weer. Die vrou beweeg van my af weg, en sy's—sy's gepla met 'n senuweetoestand, en 'n ingewandsprobleem. Dit is waar.

198 Laat ek julle wys of julle glo ek is 'n. . . die dienskneg van die Here, of nie. Daardie vrou wat net daar op die punt van die sitplek sit, is ook gepla met ingewandsprobleme. As dit reg is, steek jou hand op, dame. Dis reg. Um-hum. Sien daardie duiwels

wat probeer wegkom daarmee? Hulle kan dit nie doen nie. Dis alles verby vir jou, dame.

199 Jy het 'n maagprobleem, dis waar, senuweeagtige maag. Hier, dat julle mag weet, glo dat ek God se dienskneg is, wat hier staan onder hierdie salwing, jou man, hy's ook hier, hy het ook 'n senuweeagtige maag. Jy's nie van hierdie staat, of hierdie stad nie, jy's van Kansas. Glo jy God weet wie jy is? Mev. Walton. Nou gaan terug huis toe, jy's genees, jy en jou man, ook. Jy kan huis toe gaan en gesond gemaak word, in die Naam van Jesus Christus.

Nou, glo julle nou? Kan ek dit raai? Wat dit ook al is?

Laat ons net ons hoofde buig in aanbidding.

200 Ons Hemelse Vader, ons dank U, te midde van elke soort ding dat U steeds inbeweeg op die golwe, U is God, U faal nooit. Ek bid dat U hierdie mense nou sal seën. Amen.

201 Goed, dame hier. Glo jy dat wat hierdie dinge wat plaasvind, van die Gees van God is, glo jy, dame? Dan ons, as vreemdelinge vir mekaar, dan as iets sou geb-. . . moet gebeur, wat my iets van jou sou moes laat weet. En as God kan sê wat jy was, kan Hy sekerlik sê wat jy sal wees. As Hy die—as Hy die verlede ken, ken Hy die toekoms, dit laat dit bewys dat dit God is. En jy weet dat ek niks daarvan sou weet nie, want ek is net 'n man hier, jou broer. Dis reg.

202 Het 'n groot geloof in die gehoor vanaand, om mee te begin. Dit het my verlaat en na die gehoor toe gegaan.

203 Jy was so bly oor jou genesing 'n paar oomblikke gelede, jy het jou hand oorkant op daardie vrou gesit, wat langs jou gesit het, ja, met daardie vergroeisel op jou bors. As dit reg is, steek jou hand op. Is ek 'n vreemdeling vir jou? Waai jou hand heen-en-weer.

204 Ek wil julle iets vra. Wat het sy aangeraak? Sy's twintig voet van my af. Wat het sy gedoen? Sy het die Hoëpriester aangeraak. Sien julle dat God steeds lewe? Hy's dieselfde Here Jesus. Glo net. God seën jou.

205 Ek kan net praat soos Dit deur my spreek. Ek moet, waar dit ook al gaan, moet ek daarmee saamgaan, om. . . Sien?

206 Jy het 'n gewas op die bors, jy het ook 'n maagprobleem. Ook, jy het iemand hier wat siek is, ook, jou man. Hy het, hy's 'n prediker, en hy het 'n senuweeagtige maag. Mev. Suey, keer terug huis toe en word gesond gemaak, albei van julle, en word genees in die Naam van Jesus Christus.

207 Hê geloof, moenie twyfel nie, glo net. Glo julle dat Jesus Christus. . .? "Menere, ons wil Jesus graag sien." Dis Hy. Sien? Dis—dis die Here Jesus. Nou, jy moet sê Dis *iets*, julle weet dit. Hierdie mense met hulle hande op voor God, wat ons nog nooit

ontmoet het nie, maar dis Sy Gees wat hierdie dinge doen. Hê net geloof.

208 Is jy nou die dame? Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek, maar die Here Jesus ken ons albei. Maar as Hy iets van jou aan my kan openbaar, wat jy weet dat ek nie weet nie, sal dit jou aanmoedig om jou geloof te laat hê om te glo?

209 Julle sien wat Dit aan my doen, Dit maak my so swak dat ek skaars kan regop staan, ons besef dit. Ek is seker dat die gehoor dit ook besef. Hoeveel weet dat daardie. . .? As een visioen ons Here laat voel het dat daar krag van Hom uitgegaan het, die Seun van God, wat sou dit aan my doen, 'n sondaar, gered uit genade? Want Hy het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, *meer* as hierdie sal julle doen." Nou, ek weet die Koning James het *groter*, maar gaan af na die oorspronklike vertaling, sien. Hoe kan jy groter doen? Hy het die natuur gestop, die dooies opgewek, alles gedoen wat gedoen kon word, maar *meer*, omdat Hy in Sy Kerk universeel kon wees. Sien? "Meer as dit sal julle doen." Dis Sy genade.

210 Jy's hier vir iemand anders, dis die dogter. Dink jy Christus kan vir my sê wat haar probleem is? Dis haar oë. Dit is reg, is dit nie? Glo jy hulle gaan nou gesond word? Jy het met Iets kontak gemaak, het jy nie? Glo jy Dit is die Here Jesus? As Hy vir my sal sê wie jy is, soos Hy het met die apostel wat gekom het, sou jy. . . jou baie geloof laat hê om Hom te glo? Wel, Mev. Nickels, gaan jy terug huis toe, glo nou, Jesus Christus sal genees en gesond maak.

Glo julle, almal? Moet asseblief nie rondloop nie. Moet asseblief nie rondloop nie, asseblief.

211 Ek ken jou nie. Ek het jou nie, nog nooit in my lewe gesien nie, maar Christus ken jou wel. As Hy vir my sal beskryf waarvoor jy hier is, of, mag finansies wees, huislik, mag siekte wees, verlossing; ek weet nie, ek's net 'n man wat hier staan, ons ontmoet vir die eerste keer in die lewe.

212 Een ding, jy is regtig senuweeagtig. Dit is reg. En ek sien jy probeer uit die bed kom, baie stadig. Jy het artritis. Dit is reg. En dan, het jy 'n slegte, slegte effek van 'n operasie wat jy gehad het. Dis reg. Dit was 'n galblaasoperasie. As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy nou? Gaan dan, soos jy geglo het, so sal dit vir jou wees.

As ek jou vertel het dat God artritis genees het, sou jy glo dit beteken jy? Gaan dan net reguit voort en dank God, sê: "Dank U, Here."

As ek vir jou gesê het God genees van bloedarmoede probleme, sou jy glo dat Hy jou sou genees? Gaan net voort en dank God, glo met jou hele hart.

Glo julle met julle hele harte, almal, eendragtig?

213 Wat as ek nie een woord vir jou gesê het nie, net hande op jou gelê het, sou jy glo? Goed, meneer. Gaan verby, en in die Naam van die Here Jesus, gaan en word gesond gemaak, gaan. Moenie twyfel nie, hê-. . .

214 Moet asseblief nie rondloop nie. Sien, dit bedroef die Gees weg van my af, en ek kan Dit net nie hou nie. Sien? Asseblief, asseblief, ek vra julle vriendelik, as Christenbroer. Ek het gevra as julle nie geglo het nie: "Moet asseblief nie in die gebou bly nie." Dis gevaarlik vir julle om in elk geval te bly. Sien? Hê net geloof. Moenie twyfel nie.

215 As ek hande op jou lê, sou jy glo dat jy gesond sou word? [Die broer sê: "Ja, meneer."—Red.] Kom hier. In die Naam van Jesus Christus, mag ons broer genees word.

216 Kom. Of ek jou jou probleem vertel het of nie, sal jy my glo as Sy profeet, of, Sy dienskneg? Wel, jou rugprobleem is verby. Gaan, en glo nou. Hê geloof in God.

217 Kom, dame. As ek nie een woord vir jou gesê het nie, maar net hande op jou gelê het, sou jy in elk geval glo? Wel, ek wil vir jou sê, toe jy in die ry was, daaronder gestaan het, in die ry gekom het, jy daardie eerste ding sien gebeur het, het die hartprobleem jou verlaat, so jy kan nou huis toe gaan. Ja, meneer.

Jy loop anders vandat jy daar ingekom het, het jy nie? Die artritis het jou in die ry verlaat, so gaan net en glo met jou hele hart.

218 Suster, natuurlik, een van die groot dinge wat verkeerd is met jou, weet ons almal, maar hierdie is een ding, daar is omtrent vyf-en-negentig persent van hierdie gehoor wat aan dieselfde ding ly, 'n senuweetoestand. Jy's baie senuweeagtig, is dit nie reg nie? Laat ek jou wys hoe dit moeilik sou wees om hulle te noem. Almal wat ly aan senuweetoestand, steek julle hande op, daarbuite. Sien? Sien daar? Jy het 'n plek probeer vind om by te begin, hulle het vir jou gesê, ruk jou reg, Satan het gesê jy gaan jou verstand verloor, en al hierdie dinge, maar dis 'n leuen. Glo jy met jou hele hart? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Dan van net hier af, in die Naam van Jesus Christus, gaan, en word gesond tot die eer van God.

As jy kan glo!

219 Daardie man het daar gesit en huil vir 'n rukkie, na my gekyk, jy het probleme in die bors. Glo jy dat God Almagtig jou sal gesond maak? As jy dit glo, kan jy dit kry, meneer. Steek jou hande op, aanvaar dit, gaan huis toe, en word gesond gemaak.

Jou artritis is verby. Gaan huis toe, en word gesond gemaak in die Naam van Jesus Christus. God seën jou.

220 'n Dame het net haar hand opgesteek, daar, dit op haar agterkop gesit, met 'n velprobleem, glo jy dat God jou sal gesond maak? Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie? Jy het nie een nodig

nie, jy's in elk geval genees. Jesus Christus genees jou en maak jou gesond.

221 Is julle gelowiges, elkeen van julle daarbuite nou, wat plegtig in die Seun van God glo? Glo julle dat Dit Sy Gees hier is? En as Hy dit doen, Sy Woord hou. . . Jy sê: "Broer Branham, kan jy my genees?" Nee, ek kan dit nie doen nie, Hy het dit alreeds gedoen. Sien? Dis iets wat Hy gedoen het. Hy's net hier, Hy. . . As Hy hier gestaan het met hierdie pak klere aan, kon Hy jou nie genees nie, want Hy het dit alreeds gedoen, Hy sou sê: "Wil jy dit nie glo nie?" Hy maak net Homself bekend dat Hy hier is. Hoeveel glo dit met julle hele hart?

222 Nou, ek gaan vir julle iets gee om te doen sodat elke persoon hier genees sal word. Hoeveel gelowiges, sê julle was daar? Steek julle hande op, oraloor, oral. Jesus het gesê, Sy laaste opdrag aan Sy Kerk, Sy eerste opdrag was: "Gaan genees die siekes, wek die dooies op, dryf duiwels uit," Sy laaste opdrag was: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit reg?

223 Nou, elkeen van julle as gelowiges, lê julle hand op iemand langs julle. Lê net jou hand oorkant waar jy ook al is, lê net jou hand, as jy 'n gelowige is. Julle het net soveel reg om julle hande op mekaar te lê, as wat enigiemand anders het.

224 Nou, moenie vir jouself bid nie, want die persoon waarop jy jou hande het, bid vir jou. Bid jy vir die volgende persoon, hulle sal vir jou bid. En ek sal vir julle bid van hierdie platvorm af, en die God van die Hemel, Wat Jesus opgewek het uit die dood, en Hom lewendig gemaak het vir ewig, Hy is hier vanaand, om elke Woord te vervul wat Hy gesê het. Dis Sy Teenwoordigheid.

225 Nou, buig julle julle hoof terwyl ek vir julle bid. En glo net met julle hele hart dat God my gebed sal verhoor. Julle verstaan sekerlik dat dit nie ek is nie, dis die Heilige Gees wat nou die Woord van God reg bewys het.

226 Net voor ons bid, met julle hoofde gebuig, as daar 'n ongelowige is, was, hierbinne, en nou 'n gelowige is, sal julle op julle voete staan om herken te word in gebed, terwyl ons bid? Iemand wat Christus as persoonlike Verlosser wil ontvang, sal julle op julle voete staan om onthou te word in gebed net nou, terwyl julle in Sy Goddelike Teenwoordigheid is? Sou daar diegene hier wees, wat Hom graag net nou wil aanvaar, op julle voete sal staan?

227 "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader, en die heilige Engele."

228 Staan net nou op, en sê: "Ek sal Jesus Christus aanvaar as My Verlosser. U is hier, en ek weet dit, maar, hy het U aan my geopenbaar." Maar moenie op jou kerklidmaatskap staatmaak nie, want dis nikswerd. Jy moet die Heilige Gees ontvang, of jy

is gedaan. Nou, onthou, Dis nie ek nie, Dis die Heilige Gees wat Sy Woord laat plaasvind. So as julle wil staan, staan nou, terwyl ons bid.

229 Ons Hemelse Vader, hierdie is die afsluitingsure van hierdie wêreld se geskiedenis. Ons weet dat daar geen oplossing oor is nie, die Koms van die Seun van God is op hande. Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Ons sien die atoombomme en die waterstofbomme, en elke volkie, wat net wag vir iemand om een los te laat, dan hoog in die lug, oorkant, soos 'n—'n son wat oopgaan, sal hierdie aarde gaan. Maar voor dit plaasvind. . . En ons weet dit kan voor die oggend wees, dit kan op enige oomblik wees. Soos ons wetenskaplike ons vertel het, dis lank gelede, drie minute voor middernag. Maar ons weet die hand van God het tyd laat stilstaan, om te wag, net lankmoedig, soos Hy het in die dae van Noag.

230 En nou, U het U laaste ding bewys wat U gesê het U sou doen net voor Sodom verbrand is, onmiddellik nadat daardie teken voltooi was, het Sodom verbrand. God, dis net omtrent verby. Maar daar is net Een Wat mense se harte kan trek, U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." Baie sal sien, en hoor, en aanhoudend in duisternis wandel, verordineer tot hierdie oordeel, soos die Boek van Judas gesê het. Verdraaide verstande, dwaalsterre wat dwaal soos verlore sterre, woeste golwe van die see, wat hulle eie skande van ongeloof laat opskuim.

231 Om te weet, vanaand, dat ons staan in die Teenwoordigheid van die groot Heilige Gees, Wie die Woord gebring het, Wie die Woord geskryf het, Wie die Woord bevestig, en Sy Eie Teenwoordigheid bring, om die Woord te vervul wat Hy belowe het, ek bid vir hierdie gelowiges, wat hulle hande op mekaar het, ek bid met my hele hart dat U hulle siek liggame sal genees, elke bose gees sal verdryf.

232 Satan, jy het die—die stryd verloor, jy is 'n verslane persoon, jy het geen regte meer nie.

233 Ons Here Jesus het gesterf op Gólgota, en deur Sy heilige, onvervalste Bloed, die Bloed van Almagtige God wat gebreek is op Gólgota, het U die menslike ras verlos, Here. En U het Satan verslaan deur daardie selfde Bloed, hom gestroop van elke mag wat hy gehad het. En U is lewendig vanaand, hier in Bloomington, Illinois, in hierdie kollege basketbalvloer, U is hier vanaand, lewend onder U mense, wat Uself bewys, dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en Satan is bewus daarvan, hy weet dat sy uur naby is.

234 Satan, ek beveel jou deur die lewende God, ons daag jou woord uit, jy kan nie langer hierdie siek mense hou nie, kom uit hulle uit, in die Naam van Jesus Christus, wyk van hulle en los

hulle uit! Die Here God van die Hemel bestraf jou, Satan! Jy kan nie enige mag hê nie, Jesus is bo jou, Hy het die mag van jou weggeneem, Hy het die menslike ras verlos vir Homself. Kom uit, ek beveel jou, deur die lewende God, dat jy van hierdie mense af weggaan!

235 Nou, soos julle hande op mekaar gelê het, die manier waarop julle in julle eie kerk bid, lê julle hande op iemand langs julle, en bid vir hulle, bid julle net soos julle in julle kerk bid. Lê julle hande oorkant op iemand, en bid vir mekaar. En wanneer jy die geloof van die lewende God voel, Wat nou teenwoordig is, wat afstort in jou siel om jou 'n gelowige te maak, staan dan op in die Naam van Jesus Christus, en eis jou genesing tot die eer van God.

61-0409 Menere, Ons Wil Jesus Graag Sien
Illinois Wesleyaanse Universiteit
Bloomington, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org